

November

2:1997

# Matieland



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH  
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Kontak gerus een van ons  
spesialis agente:

**Yvonne Blomerus**

880-0964/082 572 5242

**Mari Carstens**

887-2130/082 566 1155



**Gretel Gerber**

887-9334/082 572 5276

**Marlene Erasmus**

886-6033/082 807 0840

**Hermine Vermaas**

887-1626/082 572 5279

## STELLENBOSCH

Pleinstraat 33 Plein Street • Posbus/PO Box 981 Stellenbosch 7599

Tel: (021) 887-4740 • Faks/Fax: (021) 887-3875



### KAAP HOLLANDSE PLAAS

Luukse Kaap Hollandse woning met asemrowende uitsig oor die Franschhoek Vallei. Iets besonders! Swembad, Tennisbaan en Gaste Kothuis. Klein wingerdjie en fonteinwater botteleringseenheid.

Vir plase en kleinhoewes kontak:

**Schalk van der Merwe**

(021) 886-5122/082 800 2588 of

**August Basson**

(021) 887-4740/082 572 5272

## MIDDEDORP

### HET HEERENHOF

R470 000. Geen Hereregt!

Luuks, ruim en smaakvol in

Middedorp. Drie Slaapkamer dorpshuis met 2½ badkamers, motorhuis en skadunet parkering. Gesellige privaat tuintjie met braaiplek.



### MIDDEBOSCH

R497 000 en R595 000 (BTW ingesluit).

Slegs twee woonstelle beskikbaar!  
Goeie sekuriteit, hysbak en toesluit motorhuis.



### OEVERTUYN (bo)

Vanaf R669 000 (BTW ingesluit).

Slegs enkele drie slaapkamer eenhede nog beskikbaar in hierdie gesogte ontwikkeling langs die Eersterivier.

### DIE LAAN (links)


R900 000. Besit hierdie unieke eiendom onder die akkerbome langs die Eersterivier. Gerestoureer.



### WOONSTELLE (AMATONI)

Deel in die beleggingsmoontlikhede van Stellenbosch en bevestig huisvesting op kampus vir u kind!

Die beleggingsmoontlikhede in hierdie dorp is ongeëwenaard. Ons bly u kundige en professionele diens



**Voorblad:** "The Perfect One" is een van die gevilde Suid-Afrikaanse kunstenaar Christo Coetze se 160 werke wat aan die Universiteit behoort. Dit is die grootste versameling van 'n lewende Suid-Afrikaanse kunstenaar in openbare besit (Foto: Colin Elliott). Lees op bl 22 hoe dat die Universiteit uit Frankryk 'n buitengewone skenking van sewe vroeë Coetze-skilderye gekry het nadat dit vier dekades lank in 'n Paryse kunshandelaar se private versameling was. (Lees ook die redakteursbrief op bl. 3).

**Matieland word gratis gestuur aan Oudmaties en US-donateurs.**

**Redakteur, Matieland:**  
Hans Oosthuizen

**Assistent-redakteur:** Liezl Stear  
**Matieland Advieskomitee:**  
proff Walter Claassen (voors.),  
Christo Viljoen, Piet du Plessis,

Johan Groenewald, George Claassen,  
mnre Kobus Visagie, Hans-Peter Bakker,  
Hans Oosthuizen.

**Uitvoerende redakteur,**  
**US-publikasies:** Hans-Peter Bakker  
**Ontwerp & Uitleg:** Cathy Charman  
**Kontrak-uitgewer:** Metupp Publishing  
**Reprodukcie:** Virtual Colour  
**Drukker:** Paarl Post  
**Verspreiding:** AMA, Kaapstad

**Redaksiekantoor & Advertensies:**  
**Posadres:** Redakteur: Matieland,  
Bemarking & Kommunikasie, Universiteit  
van Stellenbosch, Privaatsak XI, Matieland,  
7602. **E-pos:** jcoost@maties.sun.ac.za  
**Tel:** (021) 808-4851/4632  
**Faks:** (021) 808-3800


**Sirkulasie/Adreslys:**  
**Posadres:** Marie Maree, Matielands-  
sirkulasie, Bemarking & Komunikasie,  
Privaatsak XI, Matieland, 7602  
**E-pos:** mm@maties.sun.ac.za  
**Tel:** (021) 808-4919 **Faks:** (021) 808-3800

**Jaargang 41** 2:1997  
ISSN 0025-5947

# Inhoud


## NAVORSING • RESEARCH

- 4 US belê in R800 000 se inspuiting
- 4 Nog nege word internasionaal erken
- 6 Toegepaste navorsing: US vaar die beste in SA
- 7 Stellenbosch en Pentech deel nuwe sentrum



## WELLEWENDHEID • LIFE STYLE

- 8 Investment options: Stellenbosch is still a blue chip
- 10 Wie wil dan water hê?



## UITREIK • OUTREACH

- 16 Helping people healthwise to help themselves
- 17 Cenedus teaches pupils to resolve conflict

## SPORT • SPORT

- 18 Vier Maties in Bok-toerspan
- 18 Hokkievroue bly bo in SA
- 19 Dit gaan goed met Matie-atletiek
- 20 Netbalklub presteer weer
- 20 Sewe vir driekamp oorsee
- 20 Basketbal lever SA speler



## DIE KUNSTE • THE ARTS

- 22 Paryse versamelaar skenk sewe skilderye
- 24 Komponis wen wêreldprys
- 24 Pianiste kry R300 000 se beurs


## OUDMATIES, MATIES & PERSONEEL • ALUMNI, STUDENTS & STAFF

- 12 Personeel-nuus
- 27 Studente-nuus
- 28 Oudmatie-nuusmakers

## ALLERLEI • MISCELLANEOUS

- 3 Redakteursbrief
- 21 Matieland stories • Matieland stories
- 30 In memoriam
- 32 Naskrif: Die 'Rock 'n Roll' Bonsaikoning

**Jou universiteitskwalifikasie.  
Is dit steeds 'n bate?  
BY ONS ... BESLIS!**



# POLYplex

**waar eerlike mense minder betaal vir versekerings**

Multi Fund roem daarop dat slegs eerlike mense by ons aansluit ... omdat ons poligraafbeleid die oneerlike eisers van korttermyn-versekering afskrik.

Nou bied ons 'n verede voordeel aan mense met universiteits-grade of soortgelyke kwalifikasies. Dit is reeds bewys dat mense met sekere kwalifikasies en in sekere beroepe 'n laer versekerings-risiko is as die gemiddelde man op straat - daarom is Multi Fund bereid om die mense met beter tariewe te beloon.

Kry Polyplex van Multi Fund-makelaars - die poligraafmense.

Skakel tolvry 0800 11 33 02. Kantoorure: 8vm - 6nm (Ma-Vr), 8vm - 12vm (Sat) nou,  
of faks jou besonderhede aan: (011) 476 2230, (012) 322 5242 of (011) 789 5410.

**POLYPLEX. DIE POLIGRAAFPOLIS van**  
**MFI MULTI FUND**  
**VERSEKERINGSMAKELAARS**

Korttermynversekering  
Lewensversekering  
Boedelbeplanning  
Medies fonds  
Beleggings  
Werknemersvoordele

e-mail: [mfisa@pop.co.za](mailto:mfisa@pop.co.za) Internet: <http://www.chips.co.za/mfi> Multi Fund Versekeringsmakelaars (SA) (Edms) Bpk

**B**aie mense lees 'n tydskrif van agter af deur. Is jy een van hulle, het jy seker al in dié Matieland agtergekom wat geword het van die Nerd waaroor Emile Joubert op die Naskrif-bladsy skryf. En hoe die ou met sy kitaar op die Rooiplein toe as 'n baba-op-die-skoot landsburger in die voorstede geëindig het. Twee Oudmaties wat moes uitvind dat 'n mens "na universiteit, nooit dieselfde kan wees nie."

Dié bladsy is een van die dinge wat Matieland 'n nuwe voorkoms gee. Daar is ook meer kleur-drukwerk en die blad se ontwerp het verander. 'n Staaltjies-, stories- en sêgoedblad is nog 'n nuwigheid. En van volgende keer af gaan brieve geplaas word, sodat lesers kan gedagtes wissel oor allerlei dinge wat ons alma mater raak. Laat hoor menings en voorstelle, asseblief. Lesers-deelname is nog 'n manier van betrokke wees by die plek wat jou vir altyd verander het, en wat op sy beurt self 'n voortdurend veranderende instansie in 'n veranderende wêreld is.

Maar brandewyn en engele? Of wat jy met jou geld maak, selfs al het jy nie genoeg vir 'n aflatteplekkie in die 'Bosch nie? Hierdie twee bydraes onder die nuwe afdeling "Wellewendheid/Life Style" is nog 'n poging om 'n "stywe universiteitspublikasie" meer "verbruikersvriendelik" te maak. Sienings of voorstelle hieroor? Laat weet, asseblief!

Stellenbosch se mooi is mos anders as die Weskus s'n. Dáár's baie mense se idee van 'n landstreek met bekoring – wat seker met ongerepteid te make het. Maar dié afgesonderdheid beteken swak gesondheidsorg vir Patemoster se vissersgesinne. Lees op die middelblaaiie van die toegewyde verpleegkunde-dosent se baanbrekerswerk om gemeenskappe soos hierdie na hulself te leer omsien – 'n goeie voorbeeld van die Universiteit se talle uitreikaksies na die bree samelewing.

Onder die mense waaroer Matieland hierdie keer vertel, is Oudmaties, personeellede en Maties wat vanjaar op die een of ander manier nuusgemaak het. Soos die jong Kaapse Oudmatie wat duisende rekenmeesters van oor die hele wêreld in 'n kwalifiserende eksamen uitgestof het; die Pretoriase Oudmatie wat 105 jaar oud is en 86 jaar gelede 'n eerstejaar-student was; die Konservatorium-student wat 'n studiebeurs van R300 000 gewen het; die US-navorsers wat verreweg die grootste bedrag in die land vir toegepaste navorsing gekry het; en die Maties wat in sport presteer het.

Daar's ook die berig oor die Franse kunshandelaar wat sewe skilderye ná vier dekades in sy besit aan die US geskenk het. Dit was die inspirasie vir hierdie keer se Matieland-voorblad: 'n onlangse werk (1994) van Christo Coetzee wat voor dié skenking al in die Universiteit se versameling was. Weerspieël die titel daarvan ("The perfect one") dalk die onvervulbare menslike strewe na volmaaktheid? Is strewe net so belangrik as volmaaktheid self? "We try harder" bly immers 'n goeie leuse. En in die gees hiervan, namens almal wat aan hierdie Matieland-uitgawe saamgewerk het: geniet dit! Van voor tot agter. Of andersom. ■





# US belê in R800 000 se inspuiting

Drs Armand Peeters en Louise Warnich, die twee verantwoordelike akademici, albei van Genetika, mnr Carel van Heerden, ook van dié departement wat die nuwe toerusting se operateur is, en dr Karsten Luno van Duitsland, wat oor die toerusting se installering toesig gehou het.



Nuwe DNA-volgordebepaler wat teen sowat R800 000 by die Departement Genetika geïnstalleer is, is "n droom wat vir baie US-navorser waar geword het."

Dit sal hulle help om hul hoëvlaknavorsing voort te sit, en sal die Universiteit help om sy plek as 'n instelling van wetenskaplike uitnemendheid te

# Nog nege word in

**M**et die SNO se 1996-97 evalueringsrondte is nog nege se name gevoeg by dertien US-navorser wat vroeër reeds so erkenning gekry het (berig in *Matieland* 1:1997).

Faktore wat onder meer 'n belangrike rol in die SNO-evalueringssproses speel, sluit in 'n langer termyn navorsingsvisie asook menslike hulpbronontwikkeling. Dié erkenning bied ook die geleentheid vir substantiële befondsing van hierdie navorsers se programme.

Die nege wie se name onlangs in die kategorie geplaas is, is proff Ben Burger (Chemie), Pedro Crous (Plantpatologie), Joe Cruywagen (Chemie), Michael Green (Wiskunde), Amanda Lochner (Geneeskundige Fisiologie en Biochemie), Willem Perold (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), Koot Reinecke (Soölogie) en Valdon Smith (Botanie). Bondige besonderhede oor elkeen se navorsing is:

**Prof Burger** en sy span

navorsers van die Laboratorium vir Ekologiese Chemie doen navorsing oor die bepaling van die chemiese strukture van semioverbindings en die aanwending van dié verbindings om die gedrag van insekte en soogdiere te beïnvloed. Feromone, by die sekslokstowe wat deur instekte afgeskei word om lede van die teenoorgestelde geslag aan te trek en die verbindings waarmee miere 'n roete na 'n voedselbron merk, is waarskynlik van die bekendste voorbeeld van semioverbindings. Dié laboratorium se analitiese metodes is ook aangepas om uiters lae konsentrasies organiese kontaminante in lug en drinkwater te bepaal.

**Prof Crous** se navorsing


gee hoofsaaklik aandag aan graansiektes by koring en gars. Aspekte wat ondersoek word, behels die opbou van swamweerstand teen verskillende fungisiedes wat aangewend word vir beheer, die evaluering van kultivars, en die molekulêre karakterisering van swampopulasies om rasse en variasie te identifiseer, wat weer eens noodsaklik is vir kultivarevaluering. Verskeie ander plant- en vrugtesiektes word ook bestudeer, o.m. by appels, wingerd, proteas en ander snybos-snyblomme.

**Prof Cruywagen** se navorsing handel oor sekere basiese reaksies en verbindings van vanadium, molibdeen en wolfram. Weens bepaalde unieke eienskappe van dié elemente is hul

chemie besonder gekompliseerd en is daar 'n gebrek aan belangrike fundamentele kennis wat onder andere van groot belang kan wees vir die chemiese nywerheid en ander toepassingsgebiede soos landbou en geneeskunde. As essensiële spoorelemente speel vanadium en molibdeen 'n belangrike rol in sekere biologiese sisteme en mediese navorsers het byvoorbeeld vasgestel dat bepaalde verbindings anti-virus en anti-kanker aktiwiteit toon of selfs die werking van insulinen kan naboots. **Prof Green** werk in Arithmetiese Meetkunde – die gebied waar getalleorie en algebraïse meetkunde gebruik word om die gedrag en meetkunde van diophantiese vergelykings en hulle oplossings te beskryf. Hy stelveral belang in die toepassing

lopend soos lasers, wit dwerg sterre, atome en supergeleiers se eienskappe kan verstaan word aan die hand van die onderskeie twee groepe se fundamenteel verskillende karakters. Sy navorsing, met toepassings op atoomkerne en in veldeteorie, hou verband met situasies waar 'n verrassende metamorfose tussen fermione en bosone die basis vorm vir 'n aantal fisiese verskynsels.

**Prof Geyer** se fundamentele kwantumdeeltjies kan op grond van hul spin in twee groepe geklassifiseer word, te wete fermione en bosone. Sisteme so wyd uiteen-




Prof Burger



Prof Crous



Prof Cruywagen



Prof Geyer

handhaaf, het die Viserektor (Bedryf), prof Christo Viljoen, met die apparaat se ingebriukneming gesê.

Sestien hoofgebruikers aan die Universiteit pas reeds in hul navorsingsprogramme die tegnologie toe – wat nou met die verkryging van dié moderne toerusting aansienlik vinniger gedoen kan word. Tot dusver moes hulle 'n stadige, tydrowende proses hiervoor gebruik.

Onder die 16 hoëvlak-navorsers is 'n A-geëvalueerde van die SNO, asook drie B-ses C- en drie Y-geëvalueerde (lg. is vir

belowende, jong navorsers).

Die nuwe toerusting bied boonop 'n streeks-fasiliteit aan buitenavorsers, soos van Infruitec. Hoewel dit by die Departement Genetika geplaas is, is dit 'n sentrale fasiliteit wat deur 'n operateur bedryf word en vir verskillende fakulteite se gebruikers maklik toeganklik is. 'n Tegniese spesialis het uit Duitsland hierheen gekom om oor die toerusting se installering by die US toesig te hou en toepassings-opleiding daarvoor aan te bied.

Die Perkin Elmer/ABI volgordebepaler ontleed DNA-molekules outomaties met enige van vier verskillende fluoressensiekleurstowwe, waarna dit elektroforese, laser-deteksie en rekenaar-ontleding ondergaan. Dit bevat die nuutste tegnologie, wat vinnige en akkurate analise moontlik maak. Die Tygerberg-kampus beskik reeds oor soortgelyke geriewe.

Dit is 'n belegging, waarmee die Universiteit bewys dat hy in belowende navorsers belê om sentrums van uitnemendheid te skep, het prof Viljoen gesê. ■

# ternasionaal erken

van hierdie gebied op die getalleteorie en meetkunde van algebraïsche krommes. Prof Green het verskeie internationale samewerkingsverbintenisse asook met plaaslike wiskundiges, onder andere met die drie Wes-Kaapse universiteite waar projekte oor probleme uit dié gebied en die toepassings daarvan gesamentlik ondersoek word.

**Prof Lochner** se navorsingsgroep fokus op die hart in twee patofisiologiese toestande: isgemie en die miokardiopathie geassosieer met nie-insulien afhanglike diabetes mellitus. Die uitgangspunt is dat as die veranderinge wat onder sekere toestande optree, bekend is, dit tot doeltreffender terapie kan lei.

**Die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) se stelsel van nasionale en internasionale eweknie-beoordeling het aangedui dat die gehalte van nog nege US personeellede se navorsingsbydraes aansienlike internationale erkenning kry**

Spesiale aandag word gegee aan die ontwerp van ingrepe om die isgemiese hart te beskerm, soos tydens opehart-chirurgie. **Prof Perold** doen navorsing op supervinnige supergeleidende logiese bane wat seinverwerking by frekwensies van tot 10 000 MHz moontlik maak. Supergeleidende SQUID magnetometers word ook nagevors. Dié meters is ordegroottes meer sensitief as nie supergeleidende magnetiese sensors en word

onder andere gebruik vir die meet van breingolve. Prof Perold werk in dié veld nou saam met die Universiteit van Kalifornië in Berkeley.

**Prof Reinecke** doen navorsing oor die uitwerking van giftige chemikalië op diere, lewensprosesse en ekostelsels, wat van belang is vir die nywerheid en instansies wat na die beskerming van die omgewing omsien. **Prof Smith** se belangstelling lê in die funksionering van organismes

en die totale ekosisteem. Hy doen die meeste van sy navorsing op Marion en Prins Edward eilande, in die sub-Antarktiese gebied en sy navorsingsveld ressorteer onder ekologie en ekofisiologie. Bogenoemde eilande is volmaakte ekologiese laboratoriums om natuurlike ekologiese en ekofisiologiese eksperimente uit te voer aangesien hulle nog relatief ongeskonde deur menslike indringing is.

Slegs op grond van dié


kennis kan breër onderwerpe in meer komplekse ekosisteme wat deur mense beïnvloed en gedomineer word, verstaan word. Probleme soos die toenemende ekologiese agteruitgang in die land, die behoeftte aan 'n inligting gebaseerde beleid van minimalisering en ontginning en die gevolge van klimaats- en ander mens veroorsaakte veranderinge, kan sodende verstaan en aangespreek word. ■



Prof Green



Prof Lochner



Prof Perold



Prof Reinecke



Prof Smith

# US vaar die

**D**ie Universiteit het verlede jaar meer as R19,5 miljoen van die beskikbare R58,3 miljoen uit die SNO (Stigting vir Navorsingsontwikkeling) se *Thrip* program ontvang – sowat 33% van die toegekende bedrag. Van die 18 instansies (13 universiteite en vyf technikons) wat *Thrip* steun ontvang het, het die US met verreweg die grootste bedrag weggestap.

Die syfers blyk uit die *Thrip* jaarverslag vir 1996 wat onlangs deur die SNO bekend gemaak is. *Thrip* (*Technology and Human Resources for Industry Programme*) is 'n gesamentlike onderneming van die SNO en die Departement van Handel en Nywerheid.

Die departement het R24,1 miljoen van die beskikbare R58,3 miljoen bygedra. Die ander R34,2 miljoen het gekom van die privaatsektor, wat 225% meer as die vorige jaar geskenk het.

"Menslike hulpbronontwikkeling is die program se hoofoogmerk," sê mngr David Mostert, die *Thrip* raadsvoorsitter, in die jaarverslag. "Thrip help om 'n kultuur van navorsings- en tegnologie-ontwikkeling te skep en om nywerheidsmededinging te bevorder."

Volgens die jaarverslag het 14 Stellenbosse navorsers vir altesaam 20 projekte steun

ontvang. Stellenbosch het sowat R7 miljoen meer ontvang as die instansie met die tweede hoogste *Thrip* toekenning. Die US het (met 33% van die totaal wat toegeken is) 12 persentasiepunte meer as die tweede hoogste ontvanger.

Prof Ron Sanderson van die Departement Chemie en die Instituut vir Polimeerwetenskap het die grootste *Thrip* toekenning in die land ontvang – meer as R8 miljoen. Die tweede grootste toekenning landwyd het ook gegaan aan 'n personeellid – prof Sakkie Pretorius van die Departement Mikrobiologie en die Instituut vir Wynbiotecnologie.

Hy het R7,5 miljoen ontvang.

Twaalf ondernemings uit die privaatsektor het

vir prof Sanderson se toekenning bygedra. Die grootste daarvan (meer as R3,6 miljoen) het van Plascon gekom. Die Departement van Handel en Nywerheid het meer as R3,3 miljoen vir prof Sanderson se navorsing gegee.

**"Menslike hulpbronontwikkeling is die program se hoofoogmerk"**

Prof Pretorius se toekenning het bestaan uit R5 miljoen van die KWV en R2,5 miljoen van die Departement Handel en Nywerheid.

Die personeellid wat die derde grootste toekenning gekry het, is prof Garth Milne (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) vir die Sunsat (Universiteit van Stellenbosch satelliet) projek. Meer as R1,5 miljoen uit *Thrip* fondse is hiervoor aan hom toegeken.

Prof Milne se privaatsektor-steun het van 13 ondernemings gekom. Ander groot

ANTON JORDAN




Prof Ron Sanderson

# beste in SA

bedrae is by die Universiteit toegeken aan prof Johan Enslin (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) wat meer as R700 000 ontvang het, prof Fred Hugo (Siviele Ingenieurswese, R682 000) en prof Etienne Rabe (Hortologie, R591 000).

Die ander agt navorsers wat *Thrip* steun ontvang het, is prof Anton Basson (Meganiiese Ingenieurswese), dr Steven Bradshaw (Chemiese Ingenieurswese), prof Niek du Preez (Toegepaste Wiskunde), prof Günther Gerischer (Houtkunde), dr Bernard Janse (Mikrobiologie), prof Leon Lorenzen (Chemiese Ingenieurswese), dr Derek Moolman (Chemiese Ingenieurswese) en dr Johan Vermeulen (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese). M

*Prof Sakkie Pretorius*



ANTONIE CARSTENS

## Stellenbosch en Pentech deel nuwe sentrum

**Nagraadse studente aan die Universiteit en die Skiereilandse Technikon (Pentech) doen nou gesamentlik navorsing in satellietkommunikasie en in spraak- en beeldverwerking – danksy 'n nuwe Sentrum van Uitnemendheid aan die Universiteit.**

T elkom het die sentrum, die vyfde in die land, in oorleg met DataFusion Systems opgerig. Dit is gesetel in die Universiteit se Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

Die departement het uitgebreide kundigheid in satellietstelsels en in spraak- en beeldprosessering. Dit ontwikkel onder meer die mikrosatelliet Sunsat (Stellenbosse Universiteit satelliet) wat vroeg aanstaande jaar deur Nasa, die Amerikaanse ruimte-agentskap, in die VSA gelanseer word. Dit is die eerste satelliet wat in die Suidelike Halfrond aan 'n universiteit ontwerp en gebou word. Die departement het al kundigheid oor satelliete na Duitsland en Korea uitgevoer.

In spraakprosessering is die departement 'n gerespekteerde SA leier wat van die voorste navorsingspublikasies in die veld oplewer. En op beeldprossesseringsgebied is personeleerde onlangs in die buitenland aan die nuutste kennis blootgestel.

Pentech, die US se naaste tersiêre buurinstansie, wat hom reeds onderskei het met die gehalte van sy studente-opleiding en kursses, is 'n volwaardige vennoot in die sentrum.

"Die sentrum is 'n voorbeeld van die toenemende behoefte aan

die Wes-Kaapse tersiêre opvoedingsinstansies om saam te werk en om geriewe, bronne en kennis te deel," het prof Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), gesê toe die sentrum ingestel is. Mn Brian Figaji, Pentech se rektor, het gesê technikons beleef 'n ernstige dilemma rakende die behoefte aan opleidingsvoorsiening enerds en die behoefte aan navorsing andersyd.

Navorsing en ontwikkeling is noodsaaklik vir enige maatskappy se groei, het Telkom se groepbestuurder van strategiese beplanning, mn Shan Manickam, wat in Maleisië gesetel is, gesê. Hy meen Suid-Afrika kan Afrika se sake-spilpunt word.

Mnr Victor Moche, Telkom se groepskakelhoof, het daarop gewys dat menslike hulpbronontwikkeling – veral met die klem op die voorheen benadeelde gemeenskappe – 'n sleuteloogmerk van die nuwe sentrum is.

Sulke sentrums bestaan reeds aan die universiteite van Kaapstad, Rhodes (saam met Fort Hare), Natal en Durban-Westville. Die Departement Handel en Nywerheid bied deur die SNO se *Thrip*-samewerkingsprogram (*Technology and Human Resources for Industry Programme*) bykomende steun aan die sentrums. M

# Investment Opt

**W**ith the world's population estimated at four billion plus and increasing, the demand for living space cannot but grow. It has been convincingly argued that other investments earn better returns, but it all depends on where you buy.

These days pick of the provinces is the Western Cape, and one of its blue chip property investments is Stellenbosch.

Estate agent Anna Basson, who has worked in the area for 28 years, says she has never seen property prices fall, even when the market in the rest of the country drops. Much of the action in the property market centres around Stellenbosch University. Flats close to the campus have delivered consistently good returns and are always in demand. The town has just under 3 000 flats owned under sectional title, with quite a few of these belonging to the town council.

Louis Varga, an estate agent with Pam Golding properties, says anyone who wants to buy a flat as an investment can't go far wrong, and certainly won't battle to find tenants. "If you give me ten flats to rent out in the morning I will have ten signed contracts by that night," she says. "Recently a new block of flats went on sale in the town and all of them were snapped up on the first day, with 70 people putting their names down on a waiting list in case anything else came up."

The townhouse market in Stellenbosch is also very buoyant, with demand being fuelled by foreigners – especially French, German and English. Three recent up-market townhouse developments in the historic city centre have all sold well. An average of between 15 and 20 houses in Stellenbosch change hands monthly.

Basson says there is an especially good demand for the more expensive houses and their prices escalate even more quickly than other properties. Varga agrees, saying estate agents in the town have very little stock and sellers can ask whatever price they want.

If it's a wine farm you are interested in, be prepared to pay, and pay plenty. Farms around Stellenbosch have always been expensive, and have become even more so as

a result of demand from foreigners, but estate agents say they are an excellent investment.

Is there a chance of the town losing the very charm that makes it so attractive as a result of development? That danger exists but the Stellenbosch community is extremely proactive in protecting their turf from the ravages of unplanned development and place a high premium on nature conservation. They are backed up by a vigilant town council, who recognises the potential for building up its tourism industry.

## Before You Buy

Since buying property is probably one of the biggest investment decisions you will ever make, some homework will not go amiss.

Don't be bulldozed into buying anything until you have a very clear idea of where property prices in the area are likely to go. Speak to people who have already bought there, contact the local council to see what other houses have gone for and visit a good couple of estate agents.

The entry and exit costs into the property market are fairly steep, so unless you can pick up a real bargain, view this as a medium or long-term investment option.

When considering the financial viability of buying a property, calculate the percentage by which its value must escalate to match what you are paying out in interest and what you could earn by investing the money you are laying out elsewhere. Also to be worked into the calculation are the rentals you can earn or save, maintenance costs, rates, insurance and transfer fees.

One positive indicator for property is the government's five year macro-economic strategy, Growth, Employment and Redistribution (Gear) sees interest rates dropping by about four percent by the year 2000. Lower interest rates mean your bond repayments will also come down.

If you do have a bond, it is not a bad idea to plough any extra funds you have into flattening it as soon as you can. The interest you save will probably be more than you can earn by investing the money in other lower risk investments given that the benefit is tax free.

## Stellenbosch

# Investments

By Mike Cohen



## which is still a Blue Chip

**W**hen exchange controls were relaxed on July 1 this year, South Africans were presented with many new investment opportunities. As the opening up of global markets is good news for investors, it further complicates the already difficult process of deciding how to get the best return on your money. While virtually every investment adviser has a different opinion on this, all will agree that following an investment strategy is far more likely to create wealth than putting money away on an ad hoc basis.

A few other common wisdoms: strike a decent balance between risk and return; make investment a habit by setting aside a minimum amount each month; don't neglect tax considerations; diversify your investments; and don't be afraid to take advice even if you don't always listen to it.

### Shares

In recent years shares have outperformed all other investments, but there are no guarantees this will continue. Stock market reports at the time of writing contained more good news than bad. In particular the recent volatility experienced by the South-East Asian markets spelt out a warning for other emerging markets. Yet despite this, most analysts say that in the medium to long term there are still shares to be found on the Johannesburg Stock Exchange which offer good value.

In general shares are considered higher risk than other categories of investment and this should be taken into account when structuring your portfolio.

Risk should ideally be reduced as you get older, and accordingly you should reduce the percentage of assets you have tied up in the stock market.

One suggested guideline is have the percentage of your portfolio invested in shares equal to 100 minus your age. So if for example you are thirty, seventy percent of your portfolio should be invested in shares.

The simplest way to enter the market is to buy unit trusts, which are run by professional fund managers. Unit trust funds have mixed returns, and some investors say that choosing the right one is almost as difficult as selecting the shares fund managers buy. Unit trusts do have their merits, including giving investors the opportunity to hold small yet diversified share portfolios, but dealing in them is relatively expensive. Trading costs amount to about 7.5 percent of your investment.

By comparison buying and selling directly in shares attract total brokerage and other fees of about three percent. Most brokers require clients to invest upwards of R50 000 to manage their portfolio, but there are a few brokers who will invest less than that. A minimum investment of R5 000 is recommended to make investing directly in the JSE worthwhile.

As from July 1 individuals have been allowed to invest up to R200 000 in companies or unit trusts abroad. There are obvious advantages to having some of your investments in other currencies. While percentage returns on equities listed on other major markets may not match those which can be earned locally, the difference could be made up by the depreciating rand.

### Cash

One frequently cited piece of advice is to keep the equivalent of three months' salary easily available for emergencies. While one option is to keep the money in your call account, this is not the best way to go, since you will earn very little interest.

Instead take out a low-risk medium-term investment offering a decent return such as a six-month fixed deposit. Then either apply

**"If you give me ten flats  
to rent out in the morn-  
ing, I will have ten signed  
contracts by that night"**

for an access bond facility on your house or a credit facility which you can access if absolutely necessary, and which you can pay off once the fixed deposit matures.


Alternatively open a foreign currency denominated account which you can convert into rands if necessary. While interest rates are lower than you will earn on your rands you will benefit from the devaluation of the currency.

### Other Investments

Wine, persian carpets, stamps, diamonds and a plethora of other investments go through phases of popularity as a good way to make money. And they can, provided you know what you are talking about. Don't dabble. Those people who do profit from buying and selling specialist products often depend on making their profits from the ill-informed. M

● Mike Cohen is a Johannesburg based financial journalist.

**Die opening van die *Brandewynroete*  
in die Wes-Kaap in Mei vanjaar, kan 'n mens óf  
met 'n droë mond na 'n sopie laat gryp voordat  
jy die syfers wat in hierdie bedryf grootpraat  
met die nodige respek deurwerk, óf jou na die  
sleutels van die gesinsmotor laat soek sodat  
vriend en vriendin kan saamry op een van die  
interessante roetes in die omgewing**



# Wie wil dan water hê?

Deur Lize Odendaal

**E**intlik gaan soek jy na engeltjies, maar dis nou 'n anders storie. Andere kan dalk dink jy het te veel geproe as jy begin babbel oor engele. In 'n brandewynkelder.

Dié nuutjie-roete het lankal sy wortels geplant sodat hy vandag kan grootman speel. "Op 19 Mei was dit presies 325 jaar sedert die eerste Suid-Afrikaanse brandewyn gedistilleer is," sê Pietman Retief, bekende Oudmatie, direkteur van die Suid-Afrikaanse Brandewynstigting en 'n man wat self glo aan die engele. Pietman sê brandewyn is waarskynlik Suid-Afrika se nasionale dranksoort. Hoe dan nou anders as ons 57 miljoen liter brandewyn jaarliks wegsluk? Brandewyn verteenwoordig 65% van alle Suid-Afrikaanse gedistilleerde dranksoorte en verkope groei met tussen 5-7% per jaar.

Die Wes-Kaap se brandewynwêreld is in twee belangrike gebiede verdeel. Aan die een kant is daar Stellenbosch, die Paarl en Franschhoek, waar brandewyn op verskillende plekke gemaak word. Dan is daar, anderkant Dutoitskloof, die Breëriviervallei met twee bekende brandewynkelders by Rawsonville en Worcester. Die roete word in geen spesifieke volgorde gevolg nie. Dis jou besluit waar jy begin of eindig. Maar as jy eers die verhaal van die engele gehoor het, dan begin jy met ander oë jou roete uitwerk, bel jy tog maar om te hoor of iemand nie dalk 'n ligte vlerkklap gehoor het in die vroegmôre toe hulle die kelder se deure oopgesluit het nie. Nie dat die engele besope rondvlieg en hul teenwoordigheid aan enigeen bekend maak nie. Tot dusver is hulle bestaan nog net bekend aan die brandewynmaker en die aksynsman, maar die hoop beskaam nie.

Die Brandewynroete bestaan uit ses kelders en een museum. "Elkeen het sy eie geure, sy eie geheime, sy eie mense. Hulle vul mekaar in so 'n mate aan dat die kleurryke verhaal van Suid-Afrikaanse brandewyn kollektief vertel word," sê Pietman.

Die Van Ryn Brandewynkelder by Vlottenburg buite Stellenbosch is die tuiste van Viceroy Ou Likeurbrandewyn en Van Ryn's Cabinet Brandewyn is die oudste werkende brandewynkelder in die land.

**Hooffoto:** Die kuns van die kuiper kan nog gesien word by the Van Ryn Brandewynkelder buite Stellenbosch. Inset van links: Die ontvangslokaal van die KWV Brandewynkelder op Worcester; Michael Back van Backsberg; Die potketel, waar wyn in brandewyn verander word

Of die engele hier gereeld gesien kan word tussen die gekappery van die kuipers wat nog vate op die tradisionele manier uit Franse eikehout maak, wil niemand sê nie. Maar die glinstering in die kuiper se oog as jy hom daaroor uitvra, spreek boekdele.

Die kuipers is goed bekiggig en kan enige besoeker 'n ding of wat vertel tussen die ritmiese gekap om 'n staalstaaf. Gaan lyk self hoe werk dit. Of woon een van die brandewynkursusse by. Die keldertoere is uitgebreid, leersaam en pret vir die hele gesin.

Die Oude Molen Brandewynmuseum op Stellenbosch is 'n huldeblyk aan die Suid-Afrikaanse brandwynbedryf. Die museum is opgedra aan Fransman René Santhagens, een van die pioniers van die plaaslike brandewynbedryf.

René se leuse was "touchant toujours le but" (vind altyd die kolkskoot) en dit is vandag nog die kelder se leuse. Hier proe jy van die Bertrams-en Oude Molen-brandewyne en begin jy besef jy het hare op jou tande nodig vir dié soort proeëry.

Die Fransman ry op stormaande nog met sy wit perd verby die hoofkwartiere by die museum (die ou herehuis) en vertel asmaties sy verhaal aan besoekers aan die kelder deur middel van 'n audiovisuele vertoning. En dis nie die brandewyn wat praat as jy dink jy voel nog sy teenwoordigheid in die kuipery nie, sê die mense wat daar werk met oortuiging.

Die Backsberg Landgoed tussen Stellenbosch en Paarl is bekend vir sy wyne. Die Backs maak al sedert 1990 brandewyn van formaat. 'n Gerekariseerde potketel uit Cognac doen die werk en wyn wat spesial gemaak is uit die landgoed se Chenin Blanc-druwe, is gebruik om die Sydney Back Estate Brandy te maak.

Die brandewyn is in 1995 met die Domecq-trofee bekroon as die beste brandewyn ter wêrelde. Jy kan van die brandewyn daar proe – dis die rit werd.

Die KWV Brandewynkelder op Worcester is die grootste van sy soort in die wêrelde. Hier word 120 Woudberg-potketels gebruik om die KWV se brandeweine te distilleer.

Jy kan jou verkyk aan die ritmiese kap-kap vaardigheid van die kuipmakers hier, deur 'n audio-visuele aanbieding sit en dan gaan stap deur die distilleerdery en verouderingskelder. Die dampe kan jou dalk 'n kishou slaan in die verouderingskelder, maar hou jou oë oop vir die engele. As jy hulle dalk iewers onverwags kan betrapp, is dit hier.►

## ► Die plek is enorm groot.

Die krytmerke teen die vate is nie verlore siele wat weke hier in sielsgeluk deurgebring het voordat iemand hulle tussen die muuwwe vate kom uitbrek het nie, maar die merke wat die jare omtel wat die vate hier lê. Vermy die versoeking om stilletjies die proppe uit die vate uit te trek. Geniet eerder die res van die uitstekende keldertoer.

Olof Bergh Solera Brandewynkelder op Rawsonville is 'n lekker kuierplek. Die brandewyn word twee keer gedistilleer, uitsluitlik van druwe uit die Breëriviervallei. Die kelder is die enigste Suid-Afrikaanse brandewynkelder wat van die solera-verouderingsmetode gebruik maak. Die solera-kelder met sy stapels verouderingsvate waar die brandewyn in verskillende stadiums van veroudering van bo na onder loop, is een van hierdie kelder se eiesoortige besienswaardighede. Die engele gee 'n effense aanduiding van hul teenwoordigheid hier in die vanieljegeur wat deur die kelder draai.

Clos Cabrière, die landgoed van Achim von Arnim, lê teen die hange van die Franschhoekberge. Die laaste pars van die seisoen se Chardonnay en Pinot Noir word gebruik om die Fine de Jourdan-brandewyn te distilleer. Hierna word die brandewyn vir drie jaar in Cabrière se unieke en befaamde gewelfde kelder verouder in eikehoutvate.

'n Mens sou dink dat die engele in die kelder wat uit die berghange gekap is, sou gedy, maar weer eens is dit net die oorlewering wat die vlam van verwagting laat brand. Die hoop beskaam egter nie en jy druk maar deur na die volgende kelder en nog 'n proe. Dis harde werk.

Die Paarl Rock Brandewynkelder, is eintlik 'n museum vir die De Villiers-familie wat in 1856 in die Paarl begin brandewyn maak het. Jy loop letterlik in die voorhuis en eetkamer van die gesin vas tydens 'n besoek aan die kelder. Nogal 'n ondervinding, veral as jou gids begin verduidelik hoe die patriarch van die familie bamboespypies van die fabriek na sy huis laat aanlê het (onder die hoofstraat van die Paarl deur) sodat hy sy hand op sy brandewyn kan lê wanneer hy dit nodig het. Jy voel sommer tuis.

'n Omvattende keldertoer sluit 'n uitkyktoring deur groot glasruite oor die twee werkende koper potketels en die verouderingskelder in. Lekker interessant is die botterleringskamer waar al die etikette van Paarl Rock-brandewyne nog met die hand op die bottels geplak word. Proe die gewilde vyf jaar verouderde brandewyn, 'n besonder sagte brandewyn gemaak uit hanepootdruwe en 'n 21-jaar verouderde brandewyn. Bewonder die kantore wat in ou wyntenke ingehou is (die wynsteen teen die mure laat dit soos die Wondergrotte in die Kangogrotte lyk). En dan is die roete aan 'n einde en steeds is die engele skimme wat jy uit die hoek van jou oog in 'n spinnekop soek. Wees getroos, wie weet, met elke bottel wat jy na dese met ontsag oopmaak, kan jy stilletjies kyk of 'n engel nie dalk met 'n oogwink 'n slukkie kom neem nie... M

● Lize Odendaal is 'n Kaapstadse Oudmatie en vryskul-joernalis.

**Bo:** Een van die KWV se verouderingskelders, waar tyd en hout karakter aan brandewyn gee; **Links:** Achim von Arnim, keldermeester by Clos Cabrière

● Prof **Frans Taljaard**, hoof van die Departement Chemiese Patologie, is verkies tot die Wêrelgesondheids-organisasie se adviespaneel vir deskundiges rakende gesondheids-laboratoriumpydienste. Dit geld vir vier jaar.

● Dr **Elizabeth Bressan** (Menslike Bewegingskunde) is deur mnr Steve Tshwete, minister van Sport en Ontspanning, aangestel in 'n nasionale loodskomitee vir vroue en sport. Haar portefeuilje is om die SA Nasionale Paralimpiese Komitee te verteenwoordig en te verseker dat meisies en vroue met gestremdhede gelyke aandag kry wanneer die Departement Sport en Ontspanning projekte aanpak.

● Mnr **Johan du Plessis**, direkteur: Administratiewe Rekenaardienste, is die tweede in Kaapland, en slegs die eerste aan 'n tersiêre instelling in Suid-Afrika, om die Information Systems Examining Board ('n afdeling van die Britse rekenaarvereniging) se sertifikaat te verwerf vir bekwaamheid in die bestuur van die infrastruktuur van informasietechnologie.

● Prof **Walter Claassen** is tot Junie 2002 vir nog 'n termyn as viserekotor (akademies) aangestel. Hy beklee die pos sedert Januarie 1994. Voorheen was hy hoof van die Departement Semitiese Tale (nou Ou Nabye Oosterse Studies). Hy het die US se Kanseliersmedalje in 1969 gekry, het ook in Duitsland gestudeer en dien as raadslid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns asook die nuwe Akademie vir Wetenskap vir SA.

● Prof **Rudi Botha**, hoof: Algemene Taalwetenskap, is die eerste Suid-Afrikaner wat deur die Vereniging van Samewerkende Nederlandse Universiteite genooi is om deel te neem aan 'n program genaamd "externe kwaliteitborg". Hy dien in 'n paneel wat die Nederlandse universiteite se navorsingsprogramme in taalwetenskap en argeologie moet evaluer.

● Dr **Marius de Wet** (Siviele Ingenieurswese) is vereer met die JE Jennings toekenning van die SA Instituut vir Siviele Ingenieurswese se geotegniese afdeling, vir 1996 se beste geotegniese publikasie. Dit is toegeken vir 'n gepubliseerde referaat wat dr De Wet by 'n konres in Kaïro voorgedra het.


● Prof **Tom Park** is sedert Augustus waarnemende dekaan van Opvoedkunde in die plek van prof Billy Nel wat afgestree het. Prof Park was voorheen sekundusdekaan. Hy het gedien in 'n ministeriële onderhandelingspan vir die formulering van die SA Skolewetsontwerp (1996). In 1994 het hy die Rektor se Toekenning vir Voortreflike Onderrig ontvang.

● Prof **Narisscia Botha** (hoof, Maatskaplike Werk) het sekundusdekaan van Lettere & Wysbegeerte geword – die hoogste pos wat 'n vrou nog aan die US beklee het.

● Ingenieurswese se nuwe sekundusdekaan is prof **Arnold Schoonwinkel** (Elektriese & Elektroniese Ingenieurswese). Hy volg prof **Tom Dreyer**, wat afgestree het, op. Prof Dreyer het onlangs hoofleier van die Voortrekker-beweging geword.

● Op die Tygerberg-kampus is mnr **Danie Nel** as adjunkregister en mnr **Henri van Niekerk** as adjunkdirekteur: Finansies & Dienste aangestel. Albei was voorheen aan die Stellenbosch-kampus verbonde.

● Oudmatie **Hans-Peter Bakker** is aangestel as hoof van Kommunikasie, 'n nuwe pos in die afdeling Bemarking & Kommunikasie. Hy het BA, honneurs in joernalistiek en MBA aan die US behaal, was onder meer verbonde aan die Argus se Afrika-nuusdiens en was Independent Newspapers se streek-bemarkingsbestuurder in Gauteng. M



# Rektor driedubbel vereer

Die rektor en visekanselier, prof **Andreas van Wyk**, (foto onder) by prof Jacques Herbots, dekaan van regsgleerdheid aan die Katolieke Universiteit van Leuven in België, toe prof Van Wyk vroeër vanjaar daar 'n eredoktorsgraad ontvang het. Leuven, wat in 1425 gestig is, het in 1985 laas 'n eredoktorsgraad toegeken.

Verder het Duitsland se Alexander von Humboldt Stigting prof Van Wyk vanjaar vereer met 'n medalje en 'n oorkonde wat op Stellenbosch aan hom oorhandig is, vir sy bydrae as 'n stipendiaat van die stigting om bande met ander Suid-Afrikaanse stipendiate te versterk en uit te bou. Die stigting het terselfertyd op Stellenbosch en Somerset-Wes 'n simposium vir voormalige Humboldt beurshouers in Suider-Afrika gehou. Altesaam 192 sulke stipendiate is al aan Suid-Afrikaners toegeken en die US spog met 30 daarvan! Die stigting het ook sowat R26 000 vir boekaankope aan die US Biblioteekdiens geskenk. Prof Van Wyk is ook vereer deurdat hy die enigste rektor uit Afrika is wat genoeg is na 'n internasionale universiteitshoofde konferensie in Taipei, Republiek van Sjina. Hy was een van die hoofsprekers.



## Akademie vereer drie

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het vanjaar toekenning verleen aan twee professore asook 'n ereprofessor. Die drie Akademie-vereerdes is prof **Hein Odendaal** (Verloskunde en Ginekologie) wat die Akademie se Havenga prys vir Geneeskunde ontvang het, prof **Muller Ballot** (Universiteitsmuseum) wat die Stals prys vir Kunsgeschiedenis gekry het, en prof **Flip Smit** (afgetreden UP-rektor; Oudmatie en vanjaar ereprofessor in Geografie en Omgewingstudies aan die US) wat met die NP van Wyk Louw medalje vir die bevordering van die geesteswetenskappe vereer is.

## Feesbundel gewy aan klassikus

Akademici van oor die hele land het bydrae gelewer vir Akrothinia, 'n feesbundel opgedra aan prof **Piet Conradi**, afgetrede voorsitter van die Departement Grieks (nou deel van Klassieke Tale). Hy is ook redakteur van die vaktydskrif Akroterion. Die feesbundel is aan hom gewy as huldeblyk vir sy jarelange diens aan die Klassieke in Suid-Afrika.

## Ingenieursdosente presteer

Die SA Instituut vir Siviele Ingenieurs (SAISI) het sy toekenning vir Voortreflike Navorsing in 1995 aan prof **Fred Hugo** (Siviele Ingenieurswese) verleen en die SA Instituut vir Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese het prof **Johan Enslin** bekroon vir die twee beste navorsingsartikels wat in die jaar tot middel 1996 in die instituut se blaaie verskyn het.

Prof Hugo het die SAISI toekenning op die instituut se jaarkongres in Johannesburg ontvang. Hy is vereer vir sy leiding aan produktiewe spanne navorsers op Stellenbosch en in Texas, VSA.

Prof Enslin het die SAIEE toekenning gekry vir 'n artikel van hom in *Transactions*, 'n blad van dié instituut. Hy het ook die Transnet toekenning ontvang vir 'n publikasie (waaraan drie van sy nagraadse studente meegewerk het) in nog 'n SAIEE-blad, Elektron.

## Tot lewenslange erelid verkies

Die Wes-Kaapse Genootskap van Geoktrooierde Rekenmeesters en die SA Instituut van Geoktrooierde Rekenmeesters het prof **Johann Matthee**, dekaan van Ekonomiese en Bestuurwetenskappe tot lewenslange erelid verkies. Dit is die hoogste eer wat 'n lid bewys kan word. Prof Matthee het dié erkenning gekry omdat hy op plaaslike en nasionalevlak waardevolle en toegewye diens aan sy beroep gelewer het. 'n Spesiale dinee is aangebied om hom te vereer. Prof Matthee was hoogleraar in Rekeningkunde voordat hy in April 1996 dekaan geword het.

## Leerstoel eerste in SA

Prof **Chris Kapp**, wat tot onlangs direkteur van die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo) aan die US was, bly nou in die Departement Didaktiek (Fakulteit Opvoedkunde) die eerste heetydse leerstoel in Suid-Afrika wat net op hoër onderwys toegespits is. Hy is ook direkteur van die Universiteit se nuwe Sentrum vir Hoër en Volwasse Onderwys in die Departement Didaktiek.

Daar is nou 65 ingeskreve studente in verskillende jaargroepe wat die gestruktureerde dubbelmodus volg – 49 volg MPhil-kursusse in Hoër Onderwys en 16 in Volwasse Onderwys.

Die sentrum is hoofsaaklik toegespits op die volgende vorme van dienslewering en volwasse onderwys: navorsing; die ondernem van behoeftebepalings, ondersoeke en opnames; ingekoopte dienslewering aan fakulteite, departemente en individuele dosente; beleidsanalise en -interpretasie en -formulering; die ontwikkeling van kursusse en opleidingsmateriaal op 'n kontrakbasis; en die aanbied van 'n seleksie van werkinkels en kursusse op kontrakbasis.

Prof Kapp se adres is: kamer 3049, Departement Didaktiek, Fakulteit Opvoedkunde (tel: 808-2294, selfoon: 082 577-7006, faks: 808-2270 en e-pos: kapp@maties.sun.ac.za



D R I E



# SLIMKOPPE

*"We will now discuss in a little more detail the struggle for existence."*  
Charles Robert Darwin, 1809-1882.

Die wêreld daar buite is vol gevare en ons vriend Charles het geweet 'n mens het murg in jou pype nodig om vooruit te kom in die lewe. Nie net 'n mooi gesig nie. Dit help ook om 'n kop vir feite en syfers te hê. Al het jou verstand ook hòè ver teen die evolusieleer opgeklim tydens jou vier of meer jare op universiteit, het jy waarskynlik nie juis veel aandag geskenk aan jou oorlewing in die toekoms nie. Indien nie, sal dit slim van jou wees om 'n plan te kies wat spesiaal ontwerp is vir dié wat weet: *Die Genius Plan*. Vanselfsprekend.

Wat dit so 'n bakgat plan maak is dat jy nie hoef te wag tot jy graad vang om aan te sluit nie. Studente vanaf die vierde jaar kan dadelik dekking verkry met 'n spesiale laekoste premie. En onthou, net PPS betaal kontant van die eerste dag af vir siekte en onvermoë.\*

Sluit aan by 86,000 ander verstandige presteerders en maak 'n intelligente keuse oor jou toekoms. Skakel een van ons kantore vir 'n informele geselsie sonder enige verpligting.

\* Mits jy vir sewe opeenvolgende dae siek is.

# HELPING PEOPLE healthwise to help themselves

**Government's primary health care policy will succeed only if people are empowered with the knowledge of preventing disease, containing it when identified and taking responsibility for their own health.**

**S**o says Ethelwynn Stellenberg, Senior Lecturer in Nursing at Stellenbosch University and project coordinator of two development programmes – in the Durbanville farming area and at the West Coast fishing village of Paternoster.

Ms Stellenberg has a great personal interest in community development. Already in previous research she identified that people lacked health education because many would only seek help when a disease was almost untreatable or the prognosis was so poor that after treatment the survival rate was only one to two years.

She then, on behalf of the Department of Nursing at the University's Medical Faculty and in collaboration with several communities, undertook a development project. It was started on a farm at Durbanville. With a colleague registered pediatric nurse, health talks were given on Saturday afternoons to the farming community on topics such as *How to lead a healthy lifestyle, Alcohol and drug abuse, Family planning and promoting healthy sexuality*. Then with a team of students to assist, these talks were soon expanded to screening of the farm workers. Screening included checking clients' blood pressure, urine testing, tests for glucose and others. Of the approximately 100 people screened, 30% were found to need further treatment and were referred to the nearest day hospital. This project is still continuing.

## Paternoster

The team then extended their programmes to Paternoster, chosen because it is geographically isolated, connected only by a gravel road of 20km to the nearest town of Vredenburg on which it is almost totally dependent for all health services. There is no doctor, dentist or day hospital. A health clinic operating for four hours per week before this

project was started, has improved to two days per week and every other Friday with the team's input.

The team, consisting of the B Nursing students, a pediatric registered nurse, a community health care lecturer, a primary health care nurse, and Ms Stellenberg worked for a year in the town, visiting it once a month.

Activities included screening the people. Students accompanied by a registered nurse entered the homes where a full health history was taken and blood pressure and pulse respiration checked. If any problems were identified the person was then sent to the clinic from which the team operated. Ms Stellenberg, a registered nurse and a few students operated the clinic. Patients underwent more tests and were then referred to the day hospital in Vredenburg. All the time, health education was strongly emphasised.

When the team first arrived in Paternoster, there was no infrastructure for them to work from. For starters, the shop owner, Mrs Leonore Van Niekerk, gave them the use of her camping house where they saw 120 patients. After the authorities were convinced that the team meant business, it was given a clinic and later also medical supplies.

An analysis of the project shows that 32% of the population (278 adults and 43 children) was screened. Of these, 116 people (96 adults and 21 children) were referred for further treatment. Hypertension, the major problem, accounted for 40.6% of all referrals.

In May this year the team held a workshop on *The way forward for Paternoster*. Ownership of the workshop by the community was emphasised. The team gave talks on the problems they had identified and the community set goals for the future. Support groups were established for hypertension sufferers, how to lead a healthy lifestyle, diabetes mellitus, promoting a healthy sex life and family planning, prevention of alcoholism and drug addiction, first aid, to name but a few.



A Stellenbosch University development project has ripple effects on several rural communities.

**MANIUNIA SPENCE spoke to Ethelwynn Stellenberg who is committed to community nursing**

These groups were formed by the community and their health forum and is supported, assisted and monitored regularly by the original project team who act as facilitators. In her holidays, Ethelwynn Stellenberg trained 15 adult women to take blood pressure, and do urine and blood sugar testing. It was a great success. The community has been mobilised and the project continues to try to create healthy inhabitants in a safe town. They are 'on their way' to a better lifestyle, as the team initially anticipated.

When the community can take over, the team will move on to other areas and communities, creating an ever growing web of self empowerment to improve the lives of people.

The efforts and initiatives of the University's Department of Nursing have already made a great impact on the quality of life of many people in the Cape. Positive input in a community, no matter how small to start with, has ripple effects on the family and beyond. **M**

*Ethelwynn Stellenberg (centre, in white coat) and a group of Matie nursing students with some of their patients at Paternoster. Inset: Members of a community support group for hypertension sufferers.*



# Cenedus teaches pupils to resolve conflict

The Peace Education Programme of the University's Centre for Education Development (CENEDUS) has received wide acclaim. Among the accolades is an endorsement from Dr Wendy Orr, head of the TRC's Reparation and Rehabilitation Committee.

The Peace Education Programme was launched in 1994 at secondary schools in strife-torn KwaZulu Natal. It aims to expose pupils in and around Durban to peace education and information, enabling them to develop the skills to resolve personal, intercultural, social, economic and political conflict in a peaceful manner.

The project team is headed by Prof Arend Carl with the other members being Dr Johan Swartz (Faculty of Education), Mr Mhlobo Jadezweni (Department of African Languages) and Dr Johnny Wait (Department of Psychology). The group operates under the auspices of CENEDUS, led by Mr Herman Meyer.

The multidisciplinary programme is based on human rights principles and consists of two components, namely a Teacher's Manual and a Pupil's Workbook. The programme is currently being sponsored by the Southern Life Foundation, while Durban's Africon Engineering sponsors the manuals.

The project team visited various schools to assess progress with the programme. Pupils responding to questionnaires gave an overwhelmingly positive appraisal, with various pupils submitting personal testimonials.

The pupils felt the programme gave them guidelines on how to prevent conflict, control their temper, and have more respect for others. Teachers have requested that the programme be introduced as early as grade 7.

At present an effort is being made to include human rights education formally in school curricula, a move which is being endorsed by Lawyers for Human Rights. To this end, Prof Carl has liaised with the Street Law Project of the University of Natal, and a forum, Educating for Peace, has been established to pursue the matter.

Peace Education in general is gaining ground as a field of study. Following the need to establish a network which can include outputs from various universities, Dr Ilse Hakvoort of the University of Amsterdam has been appointed to obtain sponsorship from SANPAD (South Africa-Netherlands Research Programme on Alternatives in Development).

The aim of this programme is to build research capacity in those parts of the research community which have been disadvantaged in the past. **M**

*Inquiries: Prof Arend Carl  
Tel: (021) 808-2300;  
Fax: (021) 808-2295; email:  
aec2@akad.sun.ac.za.*

**D**ie Maties se rugbyklub kon weer, soos dikwels in die verlede, 'n stewige bydrae lewer tot die Springbok-toerspan na Brittanje en Europa. Vier Matie-spelers is vir die span gekies: Justin Swart, Pieter Rossouw, Breyton Paulse en Bobby Skinstead.


Swart, wat reeds in acht toetse as vleuel gespeel het, is as heel-agerter gekies. Rossouw, met ses toetse op sy kerfstok, is as vleuel gekies, en so ook Breyton Paulse, wat al 'n toer meegemaak het maar nog nie in 'n toets gespeel het nie. Skinstead was reeds 'n sewes-Springbok en het dus nog nie voorheen die groen en goud as lid van 'n vyftiental gedra nie.

Paulse en Skinstead, saam met Wium Basson van die Blou Bulle, is die "babas" van die toerspan.

Justin Swart het op Stellenbosch grootge-word, en sy gereelde WP-spanmaat, Pieter Rossouw, kom van Malmesbury af. Brey-ton is 'n boorling van Ceres. Bobby Skinstead, wat saam met Swart en Rossouw in die eindstryd om die Curriebeker teen Vry-staat opgedraf het, is 'n oudleerling van Hilton College in Natal. **M**

Pieter Rossouw

## Vier Maties in Bok-toerspan



EIKESTADNUUS

TOUCHLINE



Sherylle Calder

## Hokkievroue bly bo in SA – en die manne vaar uitstekend!

**S**herylle Calder (kaptein en afrigter van Maties se eerste vrouehokkiespan) en Jackie Wiese (spanbestuurder) glimlag al weer. En met goeie rede...

Die span het onlangs in Randburg, Gauteng, die merkwaardige prestasie behaal om vir die tiende keer in 14 jaar die nasionale klubkampioenskapstitel te buit. Hulle het Old Edwardians in die eindstryd met 3-2 geklop.

Boonop het die Maties die toernooi so oorheers dat die eerste doele teen hulle eers in die eindstryd aangeteken kon word. Hulle het 29 doele in vyf wedstryde geskiet.

Maar dis nie al rede waaroor Sherylle glim-lag nie...

Die Matie-manne (waarvan Sherylle ook die afrigter is) het so byna-byna die vroue se prestasie geëwenaar. Op dieselfde toernooi is hulle eers in die eindstryd gestuit, deur die baie sterk span van Berea Rovers uit KwaZulu/Natal. Berea Rovers het ses nasionale spelers in sy geledere.

Die mans se sukses is veral verblywend, want hulle kon in die laat sewentigerjare laas met die nasionale kroon spog. Matie-manshokkie het beslis ook 'n baie goeie seisoen agter die rug. **M**

# Dit gaan goed met Matie-atletiek

**M**aties se atletiekklub, die Boland Bank Stellenbosch Atletiekklub, het vier atlete vir die Wêreld-kampioenskapsbyeenkoms in Athene opgelewer. Twee Matie-atlete het ook aan die Wêreld Studentespele in Italië deelgeneem.

Vir die Matie-paalspringer Okkert Britz was dit een van sy konstantste jare nog. Suid-Afrika het so min kompetisies gehad dat hy net drie keer hier kon deelneem, maar hy het in altesaam 19 kompetisies meegedwing en het 18 keer hoër as 5,6m – die kwalifiserende standaard vir wêreldbyeenkomste – gespring. Hy het elf keer hoër as 5,8m gehaal. Sy 5,92m plaas hom nou vyfde op die wêreldlys.

Elana Meyer (een van die beste middel- en langafstandatlete wat Suid-Afrika én die wêreld nog opgelewer het) het weer eens 'n uitsonderlike jaar gehad. Sy het 'n wêreldrekord in die halfmarathon behaal, waarna sy in Amerika en Europa 'n handvol internasionale padwedlooppe gewen het – en so bewys het dat daar steeds met haar rekening gehou moet word.


Marius van Heerden sal altyd onthou word as die Matie-atleet wat die oudste baanrekord, Dicky Broberg se kwarteeu-oue 1.44,7 in die 800m, met 'n tyd van 1.44 verbeter het. Marius het tot in die semifinale gevorder toe hy Suid-Afrika in die 800m in Athene verteenwoordig het. Hy het vanjaar sy veelsydigheid verder gewys deur die 1500m by die SA kampioenskapsbyeenkoms voor 'n hele aantal spesialiste in dié afstand weg te raap.

Willie Smith het Namibië in die 400m hekkies by die Wêreldkampioenskappe en die Wêreld Studentespele verteenwoordig. Dié tweedejaar BREk-student het sy eerste treë in die internasionale arena gegee toe hy verlede jaar by die Wêreld Junior Kampioenskappe in Australië sewende in die finaal van die 400m hekkies geëindig het. Hy het vanjaar sy merk gemaak by die SA Grand Prix reeks toe hy twee keer (en later in Europa nog sewe keer) die kwalifiserende tyd vir die wêreldbyeenkomst behaal het.


'n Finalejaar-fisiologiestudent, Elmarie Gerrits, het die Matie-paalspring-tradisie voortgesit deur drie SA en Afrikarekords te verbeter. Net 18 maande nadat sy as die SA o.19-rekordhouer in die vyfkamp begin paalspring het, het sy haar as een van die wêreld se beste paalspringers gevestig. Met die Wêreldspele in Palermo, Italië, het sy een van 'n klein groepie vroue-atlete geword wat al die viermetermerk gehaal het.

M

Marius van Heerden (voor)



PIETER VAN DER VYVER



Elana Meyer

ALOS FURTNER

## Netbalklub presteer weer

**'n** Matie, Liezl Wium, was kaptein van die SA o.21-netbalspan wat vanjaar se Afrika-o.21-spele gewen het. En in die SA span wat al drie toetse teen die Engelse Nasionale span gewen het, was daar nie minder as ses Oudmaties nie, waaronder die kaptein, Bennita van Zyl. Die ander vyf Oudmaties in die SA span was Patrys Basson, Resé Hugo, Annie Kloppers, Lana van der Westhuizen en Letitia Vorster.

Die Maties se eerste netbalspan was vanjaar vir die vierde jaar na mekaar die wenners van die Bolandliga. Altesaam 54 spanne het in nege ligas in die Boland meegeding en die Matie Netbalklub het nege spanne daarvoor ingeskryf. Altesaam 28 Maties en ses Oudmaties is vir Bolandspanne gekies, wat drie Maties en vier Oudmaties in die Boland A-span ingesluit het. Daar was onder meer nege Maties in die Boland o.21-span en agt in die o.19-span. Agt Maties is opgeneem in die SASSU Wes-Kaapse universiteitsspan, waarvan Sandra du Plessis van die Matie Sportburo en sportbeampte vir netbal aan die US ook die afrigter was. Vier Maties het plek gehad in die SA Universiteitespan wat 'n Britse universiteitsspan geklop het en by 'n Afrika studentespele in Zimbabwe ook die wenners was.

M

Sandra du Plessis, sportbeampte vir netbal aan die US (regs agter) by die vier Maties wat in die SA studente-netbalspan opgeneem is. Agter is Freda Keuler (links) en Wilmien Daling. Voor: Bronwyn Bock, wat ook die Maties se onderkaptein is, en Liezl Wium wat kaptein van die SA o.21-span was.



DAAN WILLIAMS, EIKESTADNUUS

## Basketbal lewer SA speler

Glyde Thompson wat verlede jaar die eerste Matie-basketbalspeler was om in 'n SA span ingesluit te word, het vanjaar weer vir Suid-Afrika gespeel. In Augustus was hy ook Italië toe as lid van die SASSU nasionale span by die Wêreld Studentespele. Agt Maties ('n man en sewe vroue) is opgeneem in die Wes-Kaapse span wat aan die SASSU winterspele in Port Elizabeth deelgeneem het.

M




Kathleen Shuttleworth

**S**ewe Matie-driekamp-atlete het vanjaar aan vier internasionale byeenkomste in Europa, Japan en die VSA deelgeneem.

Twee het goue medaljes ingepalm: Annell Rabie in die 15-17 jaar kategorie by die Amerikaanse junior-driekamp-kampioenskappe in Orlando en Thandi Hall in die 20-24 jaar kategorie by die wêrel langafstand duo kampioenskapsbyeenkoms in Zofingen, Switserland. By lg. was Jean Louw 56ste (25-29 jaar) en Graeme Hall het klaargemaak.

Kathleen Shuttleworth het by die Welwillendheidspiele in Tokio elfde algemeen geëindig. By die wêrel langafstand driekampbyeenkoms in Nice, Frankryk, het twee Maties deelgeneem: Evert Meintjies (negende in die 20-24 jaar en 81ste algemeen) asook Lood Rabie (189ste algemeen). M

## Sewe vir driekamp oorsee



Evert Meintjies

# Matieland Stories

## Kinderspeletjies

Met die Maties baie ver aan die wenkant in 'n Intervarsity teen die lkeys gedurende die sestigerjare was daar baie min speeltyd oor. 'n Matieland-flank, wat destyds nogal verskeie jare lank vir die maroentruie uitgedraf het (en later tyd een van die Stellenbosse distrik se voorste wynmakers geword het) was toe beter bekend vir sy rugbytalent as vir sy beheer oor die Engelse taal. "How much time over, Ref," het hy vir die skeidsregter, mnr Paul Dobson, gevra. Net drie minute, het mnr Dobson geantwoord. "Then you can go now, Ref," het die Matieland-flank gesê. "We'll play on with the children."

Tampan Jordaan, Stellenbosch

## Nog donderbuie, later

"Prof Pietjie" is hoe die studente deernisvol verwys het na prof Pieter van Braam wat meer as 33 jaar (1913-46) hoogleraar in Klassieke Tale aan die Victoriakollege en latere US was. 'n Waardige bleskop-oubaas met 'n goed versorgde kenbaarheid; meestal saggeaard, maar 'n Hollander wat as dit nodig was, gebruik gemaak het van die kragwoorde uit sy moedertaal. Mense het hom ook geken aan sy fiets, wat besoners was en ook ietwat ongewoon bestyg is. Links by die agterwiel was 'n stewige ysterpen. "Prof Pietjie" het eers 'n paar treë langs die fiets gedraf, met sy linkervoet op die dwarspen in plaas van die pedaal getrap en dan sy regterbeen oorgeswaai om homself tot op die saal te hys. Vir die Maties was dit vermaalklik, maar hulle het aanvaar dat jy net so min vir 'n Hollander voorskryf hoe om fiets te ry as wat jy vir 'n hoersoen iets van perdry leer. Selfs as bejaarde man was die effe geboë fietsier 'n bekende gesig op die kampus. So ry hy eendag suidwaarts in



SKET: ELMARIE GRIEF

Ryneveldstraat af, Dorpstraat se kant toe. By die

"besige hoek" waar Ryneveld- en Pleinstraat kruis, kom 'n lighartige student teen 'n onnadenkende spoed in Pleinstraat afgemaag. Die botsing was onvermydelik. Albei het in die destyds nog ongeteerde straat se stof beland. Die verskrikte student, jonk en fiks, was vinnig regop, het sy fiets se horings reggebuig en so gou as hy kon weggegaag – waarskynlik om aan moontlike owerheidsoptredre teen hom te ontsnap. Die waardige akademikus het stadiger orent gekom, sy klere afgestof, sy bril en smalrand-hoedjie geherrangskik en sy getrouw ysterperd opgetel. Toe kyk hy ver straat-aan waar die student intussen om 'n hoek verdwyn het, en roep hom agterna: "Jongeman! Jongeman!"

Voorlopig een duizend donders, hoor!"

Bun Booyens sr, Uniepark, Stellenbosch

## Koebaai, kabaaï

Seker een van die mees legendariese figure wat

Matieland al opgelewer het, was prof. Con de Villiers (1894-1978), eertydse soöloogiedosent, groot musiek liefhebber en 'n man met 'n onverbloemde liefde vir sy geboortewêreld, die Overberg. Hy was 'n oujongkêrel en het dus sy was- en strykwerk oorgelaat aan 'n huisvrou wat sulke werk vir 'n ekstra inkomste gedoen het.

Doktor Con was 'n groot, rysige figuur. Soos baie mense toentertyd het hy in 'n nagkabaaï geslaap – iets soos 'n lang hemp wat tot by die voete gestrek het; gemaak van dik, warm materiaal om 'n mens teen die Bolandse winterkoue te beskerm. Toe 'n nuwe wasvrou se seuntjie die eerste keer Doktor Con se skoon, gestrykte klere terugbring, het die kind ewe beleefd na die naghemp gewys en gesê: "My ma het nie dié ding gestryk nie. Sy sê sy's jammer, Oom, maar sy stryk nie tente nie."

Oudmatie uit die vyftigerjare, Pretoria

## Flinkgeskrik

'n Matielandstudent van die koshuis Eendrag het teen láátaand verhygestap by 'n vrouekoshuis, die destyds Sonop, waar sy meisie op die grond-

verdieping gebly het. Dit was blykbaar sy gebruik om teen haar venster te klop om haar aandag te trek, maar dié aand moes hy ietwat aangeklam gewees het, want hy het taamlik luidrugtig gehamer teen die verkeerde venster – die matrone s'n. Tot hulle albei se uiterste verbasing maak sy die venster oop. "Wie's jy en wat soek jy hier? Dis 'n vrouekoshuis dié en ek's die matrone," gil sy. Dadelik rugter geskrik, antwoord hy ewe bedaard: "Wat 'n geluk! Vanaand is hoeka my aand vir matrones!"

Prof Flip de Wet, Montagu

## What a great loss!

"Old professors never die; they only lose their faculties."

Quoted by a professor on his retirement at Stellenbosch University in 1983.

## Trekkersweë

Twee Matie eerstespan-rugbyspelers het 'n klompie jare gelede in Pretoria gaan werk, waar hulle een aand tussen 'n groep vurige Tukkie-ondersteuners te lande kom en by 'n provinsialistiese twis betrek word. Na 'n snedige verwysing teenoor die Kapenaars wat in die vorige eeu "rustig naby die see gebly het" toe hul "dapperder" landgenote met ossewa en voorlaafer Noorde toe is, kap die een Oudmatie terug: "Dit wys jou net hoe dom julle voorouers was. As hulle minder as honderd jaar gewag het, hoef hulle nie met ossewaens hiematoe te gesukkel nie; hulle kon sommer met die trein gekom het."

## Sting in the tail

A music lecturer from another academic institution was preparing a conference paper. She wanted to play a recorded excerpt from Flight of the bumble-bee by the Russian composer Rimsky-Korsakov to illustrate part of the lecture. Her tongue kept on twisting over the Russian's name, and she had to practise saying "Rimsky-Korsakov" again and again. Eventually, delivering the paper on the conference day, she managed to say the name perfectly, breathed a sigh of relief and continued: "I'm playing an excerpt from his Bum of the flightle-bee."

Stellenbosch lecturer

Onthou u 'n oulike sêding, staaljie of voorval uit u Matielandstudentedae waaroor mede-Oudmaties kan saamlag? Selfs iets met 'n traan in die lag? 'n Stukkie lewenswysheid uit die sorgeloos onbesonne kant van studentwees op Stellenbosch? Pos, e-pos of faks sulke bydraes (kort soos dié op hierdie bladsy) aan die adresse of faksnommer op bl. 1.

Remember any anecdote, funny incident or other interesting story from your student days at Stellenbosch? Something amusing or more serious that you would like to share with fellow Oudmaties? Please send your contributions (short ones, as on this page) to Matieland at the postal/e-mail addresses or fax number on page 1.



Bo: Muller Ballot en Christo Coetzee. Hooffoto onder: Detail uit "Bicycle", 1962, een van die werke wat uit Frankryk ontvang is. Panele links en oorkant regs: Details uit "Two Doors", 1962, nog een van die sewe Coetzee-werke wat onlangs uit Parys verkry is.

'n Franse kunshandelaar het sewe waardevolle vroeë skilderye deur die gevierrede Suid Afrikaanse kunstenaar Christo Coetzee aan die US geskenk. Dit was byna vier dekades in die skenker se versameling in Parys.

Paryse versamelaar skenk sewe skilderye

**D**ie Universiteit besit die grootste openbare versameling van Christo Coetzee se werke. Die versameling van ongeveer 160 stukke is ook die grootste in openbare besit van 'n lewende Suid-Afrikaanse kunstenaar.

So sê prof Muller Ballot, Direkteur van die Universiteitsmuseum, kunshistorikus van naam, en kenner van Coetzee se werk. Hy skryf 'n boek oor Coetzee met die oog op die kunstenaar se 70ste verjaardag in 1999.

Die nuutste toevoeging tot die US se Coetzee-versameling kom van mnr Rodolphe Stadler, wat sy bekende Paryse kunsonderneeming Galerie Stadler, verlede jaar gesluit het, presies 40 jaar nadat hy dit in 1956 begin het. Stadler, 'n boorling van Switserland, het 'n belangrike invloed gehad op die vestiging van Coetzee as internasionaal bekende kunstenaar.

Coetzee het in Johannesburg grootgeword en aan Wits gestudeer. In 1951 is hy Londen toe waar hy dadelik begin aandag trek, reeds voordat hy hom in 1956 in Parys vestig. Vanaf die vyftigerjare stal hy reëlmatrik uit in Engeland, Frankryk, Japan, Italië, die VSA, Nederland, (Wes-) Duitsland, Argentinië, Spanje en Suid-Afrika. Die Galerie Stadler bied in 1959-65 verskeie Coetzee een- en tweemanuitstellings aan en Rodolphe Stadler koop self 'n aantal Coetzee-werke, waarvan die meeste sedertdien nie weer in die openbaar uitgestal is nie.

Na bykans 20 jaar in Europa, Engeland en Japan het Coetzee vanaf 1968 terselfdertyd woonplekke in Spanje en Suid-Afrika gehad, maar kom hom later permanent op Tulbagh in Wes-Kaapland vestig. Sy lang buitelandse verblyf en verbintenis het hom blootgestel aan 'n aantal leidende kunstenaars en -kritici. Die meeste van Suid-Afrika se voorste kuns-museums en -versamelings, asook verskeie belangrikers in die buitenland, het van sy werke aangeskaf.

Die US-kunsversameling het reeds 'n hele aantal Coetzee-werke ingesluit toe die kunstenaar in 1992 meer as 100 werke uit sy eie versameling aan die Universiteit geskenk het. Sedertdien het hy self asook sy lewensmaat en medekunstenaar, Ferrie Binge-Coetzee (wat 'n Oudmatige is), nog 'n aantal van sy werke aan die US gegee, sodat die Universiteit voor die jongste skenking uit Frankryk reeds die grootste Christo Coetzee versameling in openbare besit gehad het.

Coetzee het sedert die vyftigerjare steeds in verbinding gebly met Rodolphe Stadler in Frankryk. Toe daar verlede jaar verneem is dat Stadler sy galerij sou sluit, het Coetzee met prof Muller Ballot die moontlikheid bespreek om van die Coetzee kunswerke, wat nog in Stadler

se besit was, vir die Universiteitsversameling te bekom. Hulle het aan Stadler geskryf, en dié het Ballot genooi om tydens 'n besoek aan Europa in Junie 1996 by die Galerie Stadler aan te doen.

Ballot is toegelaat om in die galery se reuse-pakhuis aan die buitewyke van Parys sewe Coetzee-werke as 'n geskenk aan die Universiteit uit te soek. "Ek is met deeglike sekuriteit na die pakhuis geneem en daar toegesluit om my die kans te gee om op my tyd die kunswerke te kan kies." Behalwe van Coetzee, was daar dosyne werke van beroemde kunstenaars, waaronder Pablo Picasso, Lucio Fontana en Antonio Saura.

Rodolphe Stadler het die sewe werke (waarvan een uit verskillende stukke bestaan) aan die US geskenk op voorwaarde dat dit slegs vir opvoedkundige doeleinades gebruik moet word en dat die Universiteit dit nie mag verkoop nie.

Al sewe die werke is redelik groot. Die een wat uit meer stukke bestaan, is op twee gewone huisdeure, wat elkeen aan weerskante beskilder is.

Die Sasol Kunsmuseum laat maak nou 'n dubbele deurkosyn waarin die twee deure gemonteer sal word, sodat dit vir die eerste keer sedert die kunswerk geskep is, uitgestal kan word soos wat die kunstenaar dit bedoel het, naamlik dat 'n mens elkeen van die "deure" van weerskante af kan besigtig.

Nog 'n besonderse werk onder die nuwe aanwinste is 'n groot skildery van 1962 waarin 'n fiets wat beskilder is, deel van die kunswerk vorm. Coetzee het destyds enkele werke met hierdie spesifieke driedimensionele tema geskep, waarmee hy onder meer aandag getrek het toe dit in Amerika uitgestal is. Die US-versameling sluit nog so 'n "fiets-werk" (1960) in en daar is ook een in 'n kunsversameling in die VSA.


Die sewe nuwe aanwinste dateer uit die jare 1958 tot '62 en verteenwoordig 'n tydperk uit Coetzee se loopbaan wat swak verteenwoordig was in die meer as 150 werke van die kunstenaar wat voor hierdie skenking in die US-versameling was. Om dié rede is dit 'n besonder belangrike aanwinst vir die versameling. Die nuut geskenkte werke het vroeër vanjaar uit Frankryk op Stellenbosch aangekom. Dit is nou in die Sasol Kunsmuseum te sien as deel van 'n uitstalling van die Universiteitsmuseum se nuwe aanwinstte van 1997. Die uitstalling duur tot einde Februarie 1998. **M**

**Regs:** 'n vroeë Coetzee-skildery (*Ongetitelde vrouekop, c. 1955-60*) in die US-versameling toon hoe Coetzee ook figuratief skilder.



# Komponis wen

**Hendrik Hofmeyr, 'n dosent aan die Konservatorium, het as komponis 'n belangrike internasionale toekenning, die Koningin Elisabeth van België Prys, gewen.**



Hendrik Hofmeyr

# Wêreldprys

**S**y komposisie, *Raptus vir viool en orkes*, het 204 inskriftings van oor die hele wêreld uitgestof. Hy is die eerste Suid-Afrikaner wat dié prys wen.

Hofmeyr is België toe genooi vir die bekendmakings- en bekrooningsplegtigheid in Brussel. Hy het ook as gas van die Belgiese koningspaar 'n ete in die paleis bygewoon.

Die Koningin Elisabeth van België Prys is vernoem na 'n vorige Belgiese vorstin. Dit is een van Europa se oudste musiektoekenings.

Nadat die pryswennner aangekondig is, is mnr Hofmeyr se wenkomposisie ook in België gebruik vir 'n internasionale vioolkompetisie.

Hofmeyr is enkele jare gelede in Suid-Afrika as komponis vereer met die Nederburgprys vir Opera. Dit is toegeken vir sy werk *The Fall of the House of Usher*.

Hy doseer teoretiese vakke aan die Konservatorium. Voor sy aanstelling hier aan die begin van 1992, het hy sowat tien jaar in Italië gewoon, waar hy nagraadse musiekkwalifikasies in Bologna en Florence verwerf het. Hy het as begaafde musiekstudent die graad M Mus aan die Universiteit van Kaapstad verwerf.

Prof Reino Oltermann, direkteur van die Konservatorium, het Hofmeyr as 'n knap en gewilde dosent beskryf.

Nog 'n US-musiekdosent, prof Roelof Temmingh, het as komponis naam gemaak. Sy nuutste opera *Sacred Bones* (met 'n Afrikaans tema) is onlangs deur Kruik aangebied.

Hofmeyr en Temmingh volg in die voetspore van die gevilde komponiste Hubert du Plessis en (wyle) Arnold van Wyk, wat albei as dosente aan die Konservatorium afgetree het.

M



René Penderis

# Pianiste kry R300 000

**R**ené Penderis, 'n derdejaar-klavierstudent aan die Konservatorium, het onlangs Glasgow toe vertrek nadat sy 'n gesogte Royal Schools studiebeurs gekry het om vir vier jaar aan die Koninklike Skotse Akademie te studeer. Die beurs bedra sowat R300 000. Net enkeles daarvan word jaarliks toegeken, vir studie in Engeland, Skotland of Wallis. René kom van Tulbagh af en het by die US gestudeer onder John Antoniadis, wie se tweede Royal Schools beurswennner sy is. Sy vrou, Lona Antoniadis, 'n viooldosent aan die Konservatorium, het ook twee sulke beurswennners opgelewer. John het vroeg in sy loopbaan self die beurs gekry.

M

SLATE ROOF RENOVATION  
VISTA SLATE  
0800-115456

# RAGS TO RICHEES

We believe that being a part of one of South Africa's proud seats of learning - the University of Stellenbosch - you deserve special recognition. A rich reward. And what could be better than an Oud-Maties MasterCard credit card - accepted worldwide at more than 10 million merchants. An exclusive credit card that can only be used by alumni and members of the staff of this institution. You will also be contributing to Maties alumni funds, without it costing you one cent. After all, you've studied hard at one of South Africa's finest universities, so you deserve this kind of credit. To apply for an Oud-Maties Mastercard, fill in the application form overleaf and post it to the address as indicated on the form. For more information you can call us on (021) 808-4020 or contact us via E-mail at [mss@maties.sun.ac.za](mailto:mss@maties.sun.ac.za). You can also visit our Internet homepage at <http://www.sun.ac.za>.\*



Oud-Maties MasterCard.  
Accepted and respected  
by more than 10 million merchants worldwide.





### Derde vrouevoorsitter ▶

Alexandra Gazendam is die derde vrouevoorsitter van die Matie-studenteraad. Met haar verkiesing vir die 1997-'98 termyn was dit die eerste keer dat die SR vir 'n tweede opeenvolgende termyn 'n vrou as voorsitter kry. Haar voorganger is Nadine Fourie. Erika Hofmeyr (geb. Venter) wat op Stellenbosch woon, was in 1991-'92 die Maties se heel eerste vroulike SR-voorsitter. Alexandra kom van Welgemoed, Bellville, af het BSc in wiskunde aan die US behaal en volg nou 'n MA kursus in internasionale studies. Sy neem onder meer sanglesse aan die US Konservatorium.



### ► Koorlede Europa toe

Stefan Ferreira, Jeremy Green, Anita Underhill en Jaco Brand is lede van die US Koor wat in Junie op uitnodiging in 'n feeskoor in Duitsland en België gesing het. Hulle het in 'n uitvoering van Verdi se Requiem opgetree en was die enigste Suid-Afrikaners wat daarheen genooi is. Ander genooiedes was uit Israel, die VSA, Brittanje, Skandinawië asook Wes- en Oos-Europa. Die uitnodiging het gekom van die Universiteit van Dortmund in Duitsland, wat elke twee jaar so 'n feeskoor vir 'n internasionale koorfees saamstel. Die US Koor het Dortmund besoek toe die Maties verlede jaar deur Europa getoer het.



### ► Gesogte beurs gewen

Maryke Appel, 'n doktorale student in biochemie, het die gesogte Aaron Klug Beurs vir Biochemie gekry. Haar doktorale studie gaan oor siektever weerstand by vrugtebome. Siektes kos die sagtevrugtebedryf tot R25 miljoen elke jaar. Maryke is ook VSA toe genooi, vir 'n semester aan 'n universiteits-navorsingslaboratorium in Tennessee. Sy was in 1993 Suid-Afrika se beste biochemie-student en blink ook uit in sport en as redenaar.

### ► Maties beveilig kampus


Prof Christo Viljoen, viserektor (bedryf), pas 'n glimband om die arm van "FJ" Swanepoel, een van die Maties wat op weeksaande tot eenuur en naweke tot tweeuur soggens in belang van hul medestudente se veiligheid die nuwe Groen Roete op die kampus patroolleer. Agter is Albert Faul, hoof van die studente-patrolliediens. Die roete strek oor Victoriastraat en sluit ook ander sleutelgeboue op die kampus in. Die patolleerders word aan die glimbande om hul arms uitgeken. Maties se veiligheid geniet hoë voorrang vir die US-owerheid, het prof Viljoen gesê. "Ons is bly dat die getal ernstige voorvalle min is in vergelyking met ander universiteitskampusse, maar selfs 'n enkele aanranding op 'n Matie is een te veel."

M

# Nuusmakers

## **Yankee leer Afrikaans ▶**

Aletta de Bruyn, 'n oudstudent van die Departement Wiskunde, het Darrin Speegle ontmoet toe hulle saam gestudeer het aan die Texas A&M Universiteit waar hulle in Mei vanjaar albei doktors-grade behaal het. Hulle beklee nou elkeen 'n medeprofessoraat in wiskunde aan die VSA se oudste universiteit, Saint Louis, gestig in 1818 en geleë aan die Mississippi-rivier in Missouri. Darrin het vinnig Afrikaans geleer en hulle praat dit nou as huistaal. Aletta se pa, Cillie de Bruyn, is 'n US-wiskundeprofessor.



## **Wêreld se beste ▶**

Martin Nel (HonsBRek, '95) het meer as 5 000 kandidate van oor die hele wêreld uitgestof om die eerste plek te behaal in die internasionale eksamen van die "Chartered Institute of Management Accountants". Martin het op Stellenbosch grootgeword en werk nou in Kaapstad. Sy pa, Danie Nel, is adjunkregister by die US se Tygerberg-kampus.



## **Matie-span in Turkye ▶**

Al die Suid-Afrikaners in die Republiek se ambassade in Ankara, Turkye, is Oudmaties. Dié foto van hulle is geneem toe ambassadeur Tom Wheeler (BA, 1955) onlangs sy geloofsbriefe aan pres Suleyman Demirel oorhandig het. By die ambassadeur (middel) is (van links) Johan May (BComm, HOD, 1986, '87), Kate Pretorius (BA 1974), Willeen Rautenbach (BA, '88) en André de Munnik (HonsBA, '91).



## 'n Eeu plus vyf! ▶

Mev Jessie Frean (regs op die foto) van Brooklyn, Pretoria, het in Augustus haar 105de verjaardag gevier. Sy was 86 jaar gelede (in 1911) 'n eerstejaar aan die Victoriakollege, die Universiteit van Stellenbosch se voorloper. Toe sy in 1913 met BA in klassieke tale afgestudeer het, het sy as knap student verskeie boekpryse ingepalm, wat sy steeds met trots bewaar. Sy woon nog in haar eie huis, waar sy versorg word. Dié foto is geneem toe 'n winkelgroep 'n onthaal vir haar 105de verjaardag aangebied het. Sover bekend, is mev Frean die eerste Oudmatie wat nog so 'n hoë ouderdom bereik het.

## ◀ Regter in Gauteng

Suretta Snyders van Johannesburg het die eerste Afrikaansperekende vroulike regter in die Transvaalse provinsiale afdeling van die Hoër Hof geword. Regter Snyders is 'n boorling van Prieska (Noordkaap) wat BA en LLB (1980, '82) aan die US behaal het, Nerina se primaria was en gedien het in die destydse Matie Studenteparlement, soos die Studenteraad toe genoem is. M



## Huis Visser reël halfeeu feeses

Huis Visser se manne beoog 'n groot reünie wanneer dié koshuis in 1999 sy vyftigste verjaardag vier. Meer besonderhede hieroor gaan later bekend gemaak word. Huis Visser se oumanne word gevra om seker te maak dat die Universiteit hul adresse het, en om ook ander oudinwoners van die koshuis van die komende reünie te laat weet. Skryf aan, of bel, die huiskomitee, Huis Visser, Bosmanstraat, Stellenbosch, 7600; tel. (021) 886-5954/887-5011/2/3.



## Onder die ander Oudmaties wat vanjaar in die nuus was, is:

● **Dr Beyers Naudé** van Johannesburg het die Orde vir Voortreflike Diens (goudklas) van die Staatspresident ontvang. Dr Naudé, wat een van Suid-Afrika se bekendste predikante is, was in 1937 voorsitter van die Matie-studenteraad.



Prof Stef Coetzee

● **Prof Stef Coetzee** het rektor en visekanselier van die UOVS in Bloemfontein geword. Hy het op Upington gemaatrikuleer en daarna MA in ekonomiese op Stellenbosch behaal. Prof Coetzee het 'n doktorsgraad aan die UOVS behaal en was ook verbond aan Unisa, die Ontwikkelingsbank en die Afrika-instituut. Tot vroeg vanjaar was hy viserektor aan die Potchefstroomse Universiteit. Sy voorganger as UOVS-rektor, prof Francois Retief, is ook 'n Oudmatie (en 'n ouddosent van die US se Fakulteit Geneeskunde); en dié se voorganger, prof Wynand Mouton, was vroeër dosent in fisika en viserektor aan die US.

● **Mnr Boel Pretorius**, wat in die sewentigerjare Bsc en BEng op Stellenbosch behaal het, is tot hoof uitvoerende beampte van Reunert Bpk bevorder. Hy dien in die Ingenieursfakulteit se adviesraad.

● **Mnr Jannie Isaacs**, wat honneurs en MBA aan die US behaal het en nou vir MEd ingeskryf is, het rektor van die Kaapse Kollege geword.

● **Mnr Koos Bekker**, die M-Net Groep se hoof uitvoerende beampte, het Nasionale Pers se nie-uitvoerende voorstander geword en mnr Jan Malherbe het uitvoerende hoof van Naspers se koerante-sektor geword.

● **Mnr Johan Bester** van Durbanville is verkies tot voorstander van die Wes-Kaapse Genootskap van Geoktrooierde Rekenmeesters.

● **Dr Dawie de Villiers** van Kaapstad is verkies tot adjunk-sekretarisgeneraal van die Wêreld-toerisme-organisasie.

● **Dr Rykie van Reenen** van Yzerfontein het die jaarlikse Mondi-tydskriftoekennings se prys in die gesondheidskategorie ontvang.

● **Mnr Whitey Basson**, Shoprite Checkers se besturende direkteur, is as Die Burger se Sakeleier van die Jaar aangewys. M

**Mnr Warren D Beattie** (24) van Dunswart aan die Oosrand in Gauteng (BA, 1994).

**Mev JMC Bergh** (geb. Malherbe) (83) van Huis Ametis in die Strand (BA, SOD) en oudinwoner van die destydse koshuis Crozierhuis.

**Ds Johan G Bezuidenhoud** (85) van Brakpan, Gauteng (BA 1933, Kweekskool-student tot 1937); oud-Wilgenhoffer en destydse medestudent van Danie Craven; het vir Maties eerstespan rugby gespeel; was in die Tweede Wêreldoorlog kapelaan van die SA magte in Noord-Afrika; het tien NG gemeentes in die Wes-Kaap, Vrystaat en Gauteng bedien.

**Mev AE (Elize) Botha** (geb. Rossouw) (75) van die Wildemis (BA 1942); het in haar studentejare ook gevorderde musiekopleiding aan die Konservatorium ontvang; gewese US-kanseliersvrou; eggenote van oud-president PW Botha wat vanaf 1984 vier jaar Kanselier was; hy het in 1976 'n eredoktorsgraad van die US ontvang; verskeie van hul kinders, skoonkinders en kleinkinders is Oudmaties of Maties.

**Mnr JP Cillie** (72) van Strubenvale, Springs (BSc); oud-Dagbreker.

**Mev MC (Marié) Cillié** (87) van Vrede, Vrystaat (BA 1930); oud-Harmoniet; het haar man, wyle mnr Piet Cillié, wat 'n boer was, aan die US ontmoet; sy was 'n suster van wyle pres. Nic Diederichs se weduwee.

**Ds JF Conradie** (86) van Graaff-Reinet (BA 1932).

**Prof Ferdinand E Deist** (52) van Stellenbosch (BA, HonsBA, MA, BTI, Licensiaat in Teologie alles met lof en DLitt 1965-'72); was dosent by UPE asook professor en visedekaan by Unisa voordat hy in 1992 hoof, Departement Semitiese Tale (nou Ou Nabye Oosterse Studies) aan US geword het; briljante akademikus en besonder vrugbare skrywer; o.m. die promotor vir 14 voltooide doktorale proefskrifte; eksterne eksaminator by ses ander universiteite en kolleges; wenner van 13 beurse, prysen en toekenningse waaronder die gesogte Alexander von

Humboldt stipendium uit Duitsland en twee keer die Andrew Murray-prys vir godsdienstige lektuur; is dood aan 'n hartaanval terwyl hy besoekende dosent in Heidelberg, Duitsland, was.

**Mnr Johan W de Vries** (58) van Stellenbosch (Dipl. in Maatskaplike Werk, BA, Hons 1961-'65).

**Mnr NW (Klaas) du Bois** (80) van Stellenbosch (HPOD, BA 1939-'40); oudonderwyser en -skoolhoof, gewese hoofinspekteur van skole; het na sy afdrede Federasiebeker-rugby op dr Danie Craven se versoek gehanteer.

**Mnr DJ du Toit** (52) van Pietermaritzburg (BSc, SOD 1966, MED 1986).

**Prof JM (Joë) du Toit** (85) van Stellenbosch (B-, MSC, SOD 1931-'33); Oud-Wilgenhoffer; was onderwyser en skoolhoof, dosent in fisika, US; behaal dok-

# In memo

torsgraad in fisika aan UK; vanaf 1958 eerste professor in voorligtingsielkunde op Stellenbosch; het afgestree in 1977; was o.m. US-raadslid en skrywer van 'n boek oor statistiese metodes.

**Mev Ruth du Toit** (geb. Reinecke) (73) van Hermanus (BA, Hons in maatskaplike werk 1942, '65); dogter van wyle prof OSH Reinecke, eertydse professor in landbou; vrou van Oudmatie Chris du Toit en ma van US-dosent prof Pierre du Toit (Politieke Wetenskap).

**Mnr AJ (Rassie) Erasmus** (86) (BA 1929); oud-Dagbreker wie se kleinseuns die derde geslag in dié koshuis geword het; hy was sy hele loopbaan aan die Departement Doane en Aksyns verbonden; het na sy afdrede op Stellenbosch gewoon.

**Mnr Ewald A Fichard** (65) van Bloemfontein (BA, LLB 1951, '53); oud-Dagbreker; het hom onderskei as prokureur, boer, veelsydige sakeman en direkteur van 'n aantal maatskappye; was vyfde lid van vier geslagte wat Bloemfonteinse burgemeester was; o.m. ook erekolonel van Bloemfontein vliegskool; lojale Oudmatie wie se kinders ook Oudmaties is.

albei met lof 1926, '34); het met Rhodes-beurs MA aan Oxford behaal en daar as hekkiesatleet volkleure verwerf; promoveer aan die Universiteit van Leiden en word Latyn-dosent aan die US; later na UP waar hy ook dekaan was; skrywer o.m. van 'n Latyn-handboek; kwalifiseer ook in die regte en was medeskrywer van Afrikaans/Engels/Latynse regswoordeboek.

**Mej Frieda Haak** (77) van Prins Albert (HPOD 1939); was 44 jaar in die onderwys o.m. by die Tygerberg Hospitaal waar sy vir 25 jaar in die kinderafdeling onderwyseres en skoolhoof was; erekuratrie van museum op Prins Albert en skrywer van boeke oor dié streek; suster van voormalige kabinetslid en Oudmatie wyle Jan Haak.

**Prof SA (Alten) Hulme** (73) van Somerset-Wes (B- en MSc in Landbou 1945, '49) en oud-Dagbreker; was verbond aan Elsenburg en later senior lektor in akkerbou aan die US tot 1958; daarna professor en dekaan in Pietermaritzburg; Natalse streekdirekteur van landbou en tot sy afrede hoofdirekteur van akkerbou en weiding in die Departement Landbou in Pretoria; was ook ereprofessor aan die UP.

**Prof Pieter B Kemp** (74) van Bloemfontein (BED 1944); was LO-dosent in Natal, Heidelberg (Mpumalanga) en skole-inspekteur voordat hy in 1973 dosent aan die UOVS geword het; het 'n leiersrol in dié studieveld se vakvereniging gespeel en verskeie sportoekennings gekry.

**Mnr Henri Knobel** (59) van Bethlehem (BSc in Landbou 1959) en oudinwoner van Huis Visser; bekende boer en lid van verskeie landbou-organisasies.

**Dr Rocco de V Kotze** (47) van Kuilsrivier waar hy sedert 1977 gepraktiseer het (MB, ChB

en HonsBSc albei met lof 1972, '76).

**Mev EC Kirsten** (geb. Smuts) (94) van Huis Altena in die Strand (het 'n Hoër Prim. Sert. behaal).

**Dr GA le Roux** (76) van Aliwal-Noord (BA, MA 1939, '41).

**Mnr HGJ (Hentie) Lintvelt** (82) van Stellenbosch (BA en SOD albei met lof, MA 1935, '36, '59); afgestred Kaaplandse onderwysbeplanner; voorheen o.m. viserekotor van Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch, en skoolhoof op Aberdeen en in Port Elizabeth; het skoolhandboeke vir geskiedenis geskryf.

**Mej Aninka Louw** (20), B Verpleegkunde-student; wie se ouers in Rondebosch woon.

**Mnr KJ Maart** (35) van Mosselbaai (BSc, Hons in Voedselwetenskap 1984, '85)



Links: Mev Elize Botha – Oudmatie en vrou van 'n voormalige US-Kanselier.

Regs: Prof Ferdinand Deist – briljante akademikus en bekroonde skrywer.

**Mev MSB Geldenhuys** (geb. Rall) (79) van Pretoria (BA, Sert. in Spraak en Voordrag, SOD 1937-'38); primaaria van destydse koshuis Crozierhuis; was lank verbond aan Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria; haar man, mnr ND Geldenhuys, en seun, prof DG Geldenhuys van Unisa, is ook Oudmaties.

**Mnr Pieter Genis** (90) van Otjiwarongo, Namibië (BSc in Landb., SOD 1928, '36); is vroeër vanjaar oorlede. Sy vrou, mev **MM Genis** (88) (Dipl. in huishoudkunde, '36) is voorverlede jaar oorlede.

**Mnr EJ (Bennis) Gerrits** (93) van Humansdorp (LSOD, BA 1925, '29); het sy onderwysloopbaan op Humansdorp begin en in 1967 daar as onderhoof afgestree.

**Prof Henri L Gonin** (90) van Pretoria (BA, SOD

# riam

**Mnr Keith B Mann** (21) van Stellenbosch; eerstejaar LLB-student; wie se ouers in Kloof, KwaZulu/Natal, woon.

**Mnr DP (Danie) Marais** (54) van Cloolan, Vrystaat (BComm 1963) en oud-Eendragter; afgetrede assistent hoofbestuurder van 'n landboukorporasie; het o.m. in stadsraad en 'n aantal landbou-organisasies gedien.

**Mnr CD (Chris) Marx** (91) van Kaapstad (BA, MED 1925-'31) en oud-Dagbreker; was lank onderwyser by Dale College, King William's Town; was 'n goede sportman wat o.m. vir Grens hokkie gespeel het; het na sy afdrede lank in Oos-Londen gewoon en Oudmatiebond daar gedien.

**Prof JH Moolman** (85) van Lynnwoodrif, Pretoria (BA, MA, DPhil 1932, '33, '39) en 'n oud-Dagbreker.

**Mnr JP (Piet) Nell** (46) van Grahamstad (BSc, HOD, BED 1973, '74, '77); was skoolhoof op Keimoes en later Grahamstad; was judo-Springbok en Van der Stel Klub, Stellenbosch, se sportman van 1969; was o.m. by Grahamstad Fees se reëlings betrokke; sy oudste dogter is 'n Matie-fisioterapie-student.

**Mnr JG (Koos) Nieuwoudt** (78) van Somerset-Wes (BA, SOD, 1942, '43); afgetrede onderwysbeplanner van KwaZulu/Natal en voorheen van die skool vir dories, Worcester, asook hoof van Trans-Oranje skool, Pretoria; sy vrou Louise (Gie) is ook 'n Oudmatie.

**Mnr AL (Lourens) Nortje senior** (70) van Willowmore (BSc in Geologie 1947) en 'n oud-Dagbreker; afgetrede boer van dié distrik. Sy een seun en naamgenoot wat ook 'n Oudmatie is, mnr AL Nortje jr (wat BAgriAdmin in 1989 behaal het en in Hombré was) boer steeds in die Willowmore-distrik.

**Mnr Jan Hendrik Pieterse** (72) van Bloemfontein (BSc in Landb. 1946); oud-Wilgenhoffer.

**Mnr AH Potgieter** (74) van die Strand (BA, SOD 1944) en 'n oud-Dagbreker.

**Mnr EF Pretorius** (71) van Northcliff, Johannesburg (BComm 1945) en oud-Dagbreker; asook sy vrou, mev HJ Pretorius (geb. Marais) (68) (BA, SOD 1948, '49) wat 'n oudinwoner van Huis die Villiers was.

**Mnr LDT Retief** (90) van Graaff-Reinet (BA, MA, SOD 1932, '34).

**Mnr Berchtwald Rode** (93) van Stellenbosch (BSc, HSOD, BED 1925, '27); seun van 'n Duitse predikant; het vir Maties eerstespan rugby gespeel; was skoolhoof

o.m. op Douglas en skoolinspekteur gedurende 1957-'69.

**Mev Hilde Steinwender** (gebore Robra) (82) van Stellenbosch (B- en MEd 1945, '50); was tot haar afdrede in 1969 vir 32 jaar dosent in Menslike Bewegingskunde (destyds Liggamlike Opvoedkunde) en dié departement se eerste vas aangestelde vrouwendosent; is in Berlyn, Duitsland, gebore en aanvanklik daar opgelei; het 'n wye sportbelangstelling gehad, veral in swefvlieg waarvoor sy 'n internasionale toekenning gekry het; was in 1939 die stigter van 'n swefklub aan die US.

**Mev HJE Strassberger** (gebore Bergh) (63) van Lambertsbaai (BA 1953).

**Mev Joan Thornton** (geb. Fick) (56) van Graaff-Reinet (BSc, HOD 1961, '62); onderburgemeester van Graaff-Reinet en vroeër burgemeester toe die dorp se eeufees gevier is; voorheen onderwyseres o.m. in Kimberley; vrou van 'n veearts.



Prof Ernst van Heerden – oudosent en gevierre Afrikaanse digter aan wie die US 'n eredoktorsgraad toegeken het.

**Dr HJvD (Hein) Terblanche** (61) van Huguenot, Paarl (MB, ChB, MMed 1962, '69).

**Mnr Johann Uys** (78) van Stellenbosch; was in 1945, die jaar nadat die Fakulteit Ingenieurswese gestig is, een van die eerste dosente by Elektriese & Elektroniese Ingenieurswese; het as sendelingseun uit Malawi aan Wits gestudeer; het meer as 'n kwarteeu in Stellenbosse stadsraad gedien en was o.m. 'n Burgermag-majoor.

**Mej M van der Merwe** (23) van Calvinia (BRek 1996); oudinwoner van Minerva.

**Mnr Jurgens van der Poel** (25) van Stellenbosch (BEng 1995) en oud-Simonsberger; was bekend in ligtemusiek-kringe.

**Prof Ernst van Heerden** (81) van Johannesburg (BA, MA, Onderwyssert. in Spraak en Voordrag, SOD 1935-'41); het 'n doktorsgraad in België behaal; was dosent in Engels en later Afrikaans, Fakulteit Opvoedkunde, US; gedurende 1960-'81 dosent en later departementshoof van Afrikaans en Nederlands by Wits; gevierre digter wat verskeie eerbewyse ontvang het, waaronder 'n medalje en diploma vir ses van sy sportgedigte toegeken deur die Olimpiese kunsstekomitee met die 1948-Spele, die SA Akademie se Hertzogprys vir poësie ('62) en Gustav Preller-prys vir letterkundige kritiek ('91), die WA Hofmeyr-prys ('73, '88), die CNA-prys ('88), toekennings van verskeie buitelandse organisasies asook vier eredoktorsgrade

van onder meer die US; was 'n stigter van die destydse Matie-gewigoptelklub; was in sy US-dosen-tejare vir twee en 'n half jaar die redakteur van *Matieland*, vanaf die blad se tweede uitgawe in 1957 tot einde 1959; het 'n versameling kunswerke aan die US nagelaat.

**Mev S van Rensburg** (geb. Macdonald) (49) (BA, SOD 1969); was Sanlam-bestuurder op Upington.

**Mnr JJ van Vuuren** (72) van Stellenbosch (BComm 1944) en oud-Dagbreker; het in 1980 uit Zimbabwe verhuis na Stellenbosch waar hy tot enkele jare gelede vir die US as toesighouer op Coetzenburg gewerk het; is saam met sy vrou in 'n motorongeluk dood.

**Dr FA Venter** (80) van die Strand; oudinwoner van Dagbreek; joernalis, boer en gevierre skywer; onder sy romans was *Swart Pelgrim* waaroor hy in 1961 die Hertzogprys gekry het; in 1996 kry hy die Andrew Murray Prys vir algemene godsdienstige literatuur; UPE het 'n eredoktoraat aan hom verleen.

**Mev SL (Louise) Vermeulen** (geb. Vosloo) (43) van Porterville (B in Huishoudkunde 1976).

**Mnr HC (Balie) Viljoen** (65) van Johannesburg (BA, LLB 1951, '54); was 'n oud-Dagbreker en Matie-eerstespan rugbyspeler.

**Mnr P (Bakkie) Viljoen** (66) van die Strand (BSc in Landbou 1952); het later aan die US in wynkunde gespesialiseer; wynmaker en kelderbestuurder op Worcester en Bonnivale; later by Departement Landbou op Stellenbosch; hy en drie van sy seuns was oud-Dagbrekers.

**Mnr SC (Siebert) Wiid** (80) van Pretoria (BSc in Landbou, SOD 1940, '41) en oud-Dagbreker; as Matie was hy 'n lid van die Jan Pierwiet geselskap en met die simboliese 1938-ossewatrek het hy 'n landwye kompetisie vir die mooiste baard gewen; was in die onderwys en o.m. skoolhoof op Wanbad.

**Matieland**-lesers moet asseblief laat weet van Oudmatie-familielede, -vriende en -kennis wat onlangs oorlede is. Gee kort besonderhede oor die oorledene se ouerdom, loopbaan, ens (soos in die beriggies op dié bladsye). Stuur die inligting of bel dit deur na die pos- of e-pos-adresse of telefoon-/faksnummers links onder op bl. 1.

# Die 'Rock 'n Roll' Bonsai-koning

Deur **EMILE JOUBERT** Illustrasie **CORA COETZEE**

**D**it was 'n drie duim hoë skraal, vaal takkie in grond, in 'n blompot. Maar hy het geglimlag van oor-tot-oor. "Kyk, 'n witstinkhout!" Omdat ek, soos enige tweedejaar BA-student nie daaraan gewoond was om teen 06:27 op 'n Sondagoggend te fokus nie, kon ek nie Henno se geesdrif deel nie. Ek het op my rug gedraai. "Môre, Henno. Dankie, Henno."

Hy het die blompot op my deurmekaar studeertafel neergeplak, langs die volksekunde boek, en op die stoel gaan sit. "Wanneer kan ek my les kry?"

Henno was rond en bleek met 'n dik swart bril en 'n slegte verskoning vir 'n baard. 'n Nerd.

In my eerste jaar op Stellenbosch het hy my eendag met my kitaar oor die Rooiplein sien stap. Hy het begin praat oor kitare en musiek, en gevra of ek hom sou kon leer hoe om rockmusiek te speel.

Mettertyd het ons pêls geraak, 'n gebeurtenis gedeeltelik – maak dit grootliks – geïnspireer deur sy tannie, wat toe eerste jaar LLB was. Sy was, wel, alles wat Henno nie was nie. Beeldskoon met 'n gemaklike, traak-my-nie-houding. Hoewel haar en Henno se deel van die Carstens-gesin as landelike laer-middelklas bekend was, het Sophia altyd gelyk asof sy uit 'n Chanel-katalogus gestap het.

So het ek maar Henno leer kitaarspeel: die Stones, Dylan, Beach Boys. Intussen het ek en Sophia in die universiteitsbiblioek hande begin vashou op daardie warm, familiêre manier, en die lewe was 'n Stellenbosse studentikose paradys. Die enigste hindernis was Henno se volgende kitaarles. Nie dat ek nie van die arme siel gehou het nie, maar omdat ek eerder by Sophia wou wees.

Hy moes dit besef het, want in my tweede jaar begin hy geskenke aandra: 'n bottel goedkoop port, 'n pakkie herebone van die byna-bankkrot plaas, 'n tweedehandse slapbandriller. En nou, 'n takkie.

"n Bonsai," sê Henno. Ek het opgestaan, koffiewater aangesit, en die blompot opgetel. Die takkie was droog ook. "Dis 'n witstinkhout, die koning van ons eie bonsai rykdom." "Dog bonsais is bome," sê ek, harteloos. "Dis 'n tak dié."

Tog as ek vir Henno kitaar leer speel, kan hy my bonsai versorg. En so was dit. Terwyl ek na afloop van 'n leersessie lostrek met iets soos Aztec Camera se

"Oblivious", het Henno met die grootste sorg die takkie geneem. Hy het dit op sy skoot gehou asof dit 'n week-oue katjie was. En geknip en bemes en gewater.

Dis was nou nie so stadig soos Henno se kitaarspel nie, en die boompie het begin om na iets te lyk. Vroeg in my derde jaar was daar nog 'n paar takkies. Toe ek graad gekry het, het ek gemerk dat die boom so hoog staan soos die opgerolde vrug van my studiejare.

Ek en Sophia se weë is in my honneursjaar geskei. Henno het weer gedruip en moes op die spoort-

weë gaan werk, want die plaas was reeds onder. Ek het, uit simpatie, vir hom 'n goedkoop kitaar gekoop, plus die Rolling Stones se Aftermath.

My boompie het amper gevrek, maar na twee jaar se kitaarlesse, het ek Henno se truuks geken. En met baie sorg het ek hom weer laat groei, nie ontwikkel. Stadig het die blaartjies ruig geword. Ná sewe jaar het die witstinkhout vir die eerste keer soos 'n boom gelyk. Selfs toe ek op wittebrood gegaan het ná my troue met Margaret, het ek baie sorgvuldige instruksies gelaat vir die buurman wat ons klein huisie in Boston – die een in Bellville – sou oppas.

Ja, in die voorstede, met die baba op my skoot en die bekende reuk van aandete, dink ek graag aan my studentedae. Hoe mens, net soos daardie bonsai, bepaald gevorm word vir die pad wat voorlê. Hoe jy na universiteit, nooit dieselfde kan wees nie. Dis reg, die witstinkhout staan trots op my dennehoutboekrak. 'n Baie gesonde twaalf jaar oue boompie, wat nou deel van my lewe geword het. Henno sou trots wees op my. Ek wonder of hy nog tyd het vir bonsais?

Ek skakel die televisie aan. Hei, my gunsteling musiekgroep. Hierdie ouens is goed – die media reken die Tiny

Twigs is die grootste groep naas die Stones.

Verkoop miljoene plate die afgelope paar jaar. Ek staan op met die baba en begin te wieg op die maat van die jongste reuse internasionale treffer. Ek kyk na die polsende aksies van die tromspeler. Sien die sweet op die agtergrondsangeresse se lywe. En ek kyk na die hoofsanger, en maak my oë van plesier toe wanneer hy lostrek met daardie kitaarsolo.

Hy noem homself net nie meer Henno nie.

**EMILE JOUBERT**, 'n Oudmatie wat in 1983 met 'n honneursgraad in joernalistiek afgestudeer het, werk as kommunikasie-adviseur in Kaapstad nadat hy eers koerantman was. **CORA COETZEE** het veral as illustreerde naam gemaak sedert sy in 1966 een van die Departement Beeldende Kunste se eerste gegradeerde was. Haar pa, wyle prof Banie Van Eeden, was hoof van die Departement Afrikatale, haar man is 'n US-geneskundedosent, prof Jeff Coetzee (Anesthesiologie), en hul twee seuns is albei Maties.

# FYNBOS VILLA

Rustige Victoriaanse dorpsverblyf van vervloë dae is verenig met alle moderne geriewe. Ruim kamers en suites, ontbyt, onderdak parkering




*Loop net om die draai langs watervore na die Universiteit, Konservatorium, Coetzenburg sportterrein en tradisionele restaurante van die Eikestad.*

*Vestig u in Stellenbosch tydens u besoek aan die Wes-Kaap*

Tel: +27-(0)21-883 8670 Faks: +27-(0)21-883 8479  
Neethlingsstraat 14, Stellenbosch 7600



ARE YOU SURE THAT YOU ARE MAKING THE MOST OF YOUR OFFSHORE FINANCIAL RESOURCES?



AJ BUCKLEY

A S S E T  
M A N A G E M E N T  
L I M I T E D

ESTABLISHED 1971

Tony Buckley has been managing Southern African clients' international funds for 17 years reporting to them personally during his frequent visits.

- ★ COMPLETE CONFIDENTIALITY
- ★ YOUR PORTFOLIO MANAGED PROFESSIONALLY BY SUCCESSFUL OFFSHORE MONEY ADVISERS
- ★ LOW OR NO UP-FRONT CHARGES, NO TAX DEDUCTIONS
- ★ "BUY A HOME IN BRITAIN" SERVICE, WITH BOND FINANCE
- ★ OFFSHORE TRUSTS SET UP, BANK ACCOUNTS OPENED
- ★ CLIENT PROTECTION VIA PROFESSIONAL INDEMNITY INSURANCE
- ★ REGULAR SAVINGS PLAN / LIFE ASSURANCE & PERSONAL PROTECTION
- ★ A STERLING GUARANTEED BONUS PLAN - RETURNING 9% PA FOR 1997

TONY BUCKLEY AND COLLEAGUES PAM BEITH & PETER GORDON WILL BE VISITING SOUTH AFRICA AGAIN IN EARLY 1998

*For free advice on your offshore affairs, without obligation, respond NOW...*

NAME \_\_\_\_\_

ADDRESS \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

POSTCODE \_\_\_\_\_

TEL. [Work] \_\_\_\_\_

TEL. [Home] \_\_\_\_\_

FAX \_\_\_\_\_

E-MAIL \_\_\_\_\_

Ref no: MTL/8

**Mail to:**

AJ Buckley Asset Management Ltd.  
PO Box 11, Godalming, Surrey GU7 1WL, United Kingdom.  
Regulated by the Personal Investment Authority

**For instant service:**

Fax to 0944 01483 426 123 or  
Telephone 0944 01483 426 300 or  
E-mail 106567.510@compuserve.com





MARTELL **5** STAR BRANDY  
IT'S A QUESTION OF STYLE